# HOOFSTUK I.

## POLITIEKE LEIERSKAP EN UITVOERENDE GESAG TYDENS DIE GROOT TREK (1836 TOT 1838).

### 1. Trekgeselskappe onder verskillende leiers.

Die Trekkers het die Kaapkolonie in verskillende trekgroepe verlaat, elke trekgroep onder 'n aparte leier, en sommige geheel en al sonder 'n leier tothulle by ander groepe aangesluit het. Sommige leiers is deur die trekgroepe gekies terwyl die bekleding van hierdie posisie deur ander feitlik 'n vanselfsprekendheid was. Louis Trichardt, wat die Kaapkolonie in 1834 verlaat het, het kragtens sy gesinshoofskap as ~~trek~~-leier opgetree van die trek wat aanvanklik bestaan het uit dié van homself met sy kinders en hulle onderwyser, Daniel Pfeffer. Eers by Grootrivier het ook die geselskap van Nicolaas Prinsloo by hom aangesluit, maar laasgenoemde het hom later by die Van Rensburg-trek gevoeg. By Grootrivier het nog vier families by Trichardt aangesluit, naamlik dié van Jan Pretorius, Hendrik Botha, Gert Scheepers en Izaak Albach. Terwyl hulle die binneland al betreklik diep ingetrek het, het 'n eertydse lid van die Van Rensburg-trek, waarskynlik in die nabyheid van Vaalrivier, ook by die geselskap van Trichardt aangesluit.[1)] In hierdie geval was die trekleier dus hoof van 'n bepaalde gesin, waarby ander familiegroepe gaandeweg aangesluit en die trekleierskap stilswyend erken het. Dit was blykbaar ook die geval met die Van Rensburg-geselskap.

Andries Hendrik Potgieter, wat in 1836 die voorbeeld van Trichardt en Van Rensburg gevolg het, se trek het ook in die eerste plek uit die van sy eie gesin en familie bestaan. Sy gesin, ongeveer twintig lede, was saamgestel uit eie, stief- en aangenome kinders. Tot sy familie het ook behoort sy vader, Hermanus Potgieter snr., en Hendrik se drie broers, Hermanus, Jacobus en Nicolaas, met hulle gesinne. Verder is die geselskap aangevul deur nog 'n paar gesinne en families, naamlik dié van Jan Robbertse, Daniel Kruger, Hermanus Steyn, Liebenberg en Botha. Terwyl hulle op trek was, het ander geselskappe, o.a. dié van Sarel Cilliers, wat

---

1) G.S.Preller: Dagboek van Louis Trichardt, Kaapstad, 1938. Inleiding, bll.LXXIV-LXXV.

ook die leierskap van 'n aantal gesinne en families op sy skouers gehad het, die Potgieter-trek ingehaal en die gesag van Potgieter as trekleier erken nadat hulle by sy geselskap aangesluit het.[2] Die aanvanklike trekgeselskap het blykbaar Potgieter se leierskap as vanselfsprekend aanvaar. Toe daar egter meer gesinne en geselskappe by Potgieter aangesluit het, is 'n vergadering gehou om 'n leier te kies en is Potgieter met algemene stemme tot kommandant van die hele geselskap aangewys.[3] Blykbaar was hy 'n invloedryke persoon onder die Trekkers aangesien hy alreeds in die Kaapkolonie tydens die Sesde Kafferoorlog die rang van kommandant beklee het.[4] As kommandant van die verenigde trekgeselskap, wat uit ongeveer tweehonderd siele bestaan het, moes hy

"orde en geregeldheid op de trek ... handhaven."

In die afwesigheid van Potgieter het Cilliers as kommandant opgetree.[5)]

Piet Retief, leier van 'n ander groot geselskap, wat later by die trekke van Potgieter en Maritz aangesluit het, was 'n gesiene figuur in die Kaapkolonie en 'n beproefde krygsoffisier, wat as kommandant in die Kafferoorloë getoon het dat hy 'n bekwame aanvoerder was.[6] Alreeds in die Kaapkolonie het Retief getoon dat hy die natuurlike trekleier sou wees vanweë sy medewerking tot gepoogde verbetering van landsomstandig-

---

2) C.Potgieter en N.H.Theunissen: Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter, Johannesburg, s.j.(1938), bll.33-35. Kyk ook G.B.A.Gerdener: Sarel Cilliers, Pretoria, 1925, bll.26-27. Volgens Gerdener het Cilliers aan die oorkant van Grootrivier vir die Trekkers gewag.

3) Wanneer en waar hierdie vergadering plaasgevind het, kan nie presies vasgestel word nie. Volgens die Herinneringe van J.H.Hattingh snr. (G.S.Preller: Voortrekkermense I, 2de druk, Kaapstad,1920, bl.120) het die vergadering plaasgevind onmiddellik nadat die groep onder leiding van Potgieter Grootrivier oorgetrek het. Dieselfde getuienis word gegee deur A.H.Potgieter jnr. (G.S.Preller: Voortrekkermense III, Kaapstad, 1922, bl.15). Volgens Potgieter en Theunissen (t.a.p.,bl. 35) het die vergadering veel later plaasgevind, nl. nadat die Cilliers-trek in die omgewing van die huidige Smithfield by Potgieter aangesluit het.

4) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.32.

5) Verklaring van A.H.Potgieter jnr. (Preller: Voortrekkermense III, bl.15).

6) G.S.Preller: Piet Retief, 10de druk, Kaapstad, 1930, hoofstuk 3. In verband met Retief se aktiwiteite voor die Trek, kyk die besonder uitgebreide werk van J.L.M. Franken: Piet Retief se lewe in die Kolonie, Kaapstad, 1949.

hede en die publikasie van sy beroemde Manifes, waardeur hy die mondstuk geword het van al die Trekkers, sowel van dié wat die land alreeds verlaat het as dié wat op die punt gestaan het om die voorbeeld van hulle makkers te volg, en van diegene wat dit later nog sou doen. Die Retief-geselskap was blykbaar vooraf só, met Retief as leier georganiseer. Sy biograaf verhaal dat hy vanaf sy woonplek met twee waens vertrek het terwyl verskeie families in die omstreke van die Winterberge, en ander in die nabyheid van die grens van die Kaapkolonie, op hom gewag het om die trekleiding op hom te neem.[7] Ongeveer driehonderd siele, wat aldus op hom gewag het, het hulle by die grens onder sy leiding geskaar, vanwaar hulle in die rigting van die Potgieter-Maritz-geselskap beweeg het.

Gert Maritz was voor die uittog ook aktief besig om die voorgenome trek in die geheim te organiseer. Aan hierdie organisasie en voorbereiding van die trek het hy 'n besonder belangrike aandeel gehad.[8] Net soos in die geval van die ander trekgeselskappe, is die kern van Maritz se geselskap deur sy familie gevorm.[9] Verder het dit bestaan uit 'n aantal gesiene persone met hulle gesinne,[10] en seker ook uit ander huisgesinne wat gaandeweg by die trek aangesluit het. Van 'n byeenkoms om 'n leier vir hierdie geselskap te kies, lees ons niks sodat met veiligheid aangeneem kan word dat Maritz se leierskap óf vooraf gereël was, óf as vanselfsprekend aanvaar is, want Maritz was 'n gesiene persoon in die Kaapkolonie. Hierdie geselskap het onder sy leiding voortbeweeg en op 19 November 1836 by die Potgieter-trek te Thaba Nchu aangekom.

Hierdie organisasie, om uit verskillende gebiede in afsonderlike groepe onder aparte leiers te trek, was geen nuwe organisasie onder die Boere nie. Gedurende die bewind van die N.O.I.K. is 'n burgermagstelsel onder beheer van burgermagoffisiere in die lewe geroep. Later het die bekende kommandostelsel gevolg en die trekorganisasie was op die kommando-organisasie gebaseer. Nog voor die begin van die Groot Trek

---

7) Preller: Piet Retief, bl.91.

8) H.B.Thom: Die Lewe van Gert Maritz, Kaapstad, 1947, bll.79-85.

9) Ibid., bll.93-95.

10) Ibid.,bll.95-96.

het hierdie organisasie dus al ten dele bestaan.[11] Ten spyte van die individualisme van die Trekkers,[12] het hulle dus toe hulle nog koloniste was, die noodsaaklikheid van organisasie en leierskap ingesien, en toe hulle getrek het, het hulle meer as ooit die waarde en noodwendigheid daarvan besef. Gedurende die trek sou daar dan ook gereeld pogings in die werk gestel word om 'n gereelde bestuur en leiding oor die Trekkergemeenskap in die lewe te roep en te handhaaf.

2. Eerste bestuursreëling oorkant die Oranjerivier.

Die eerste definitiewe bestuursreëling nadat die Trekkers die Oranjerivier oorgetrek het, wat vir ons opgeteken is, is die byeenkoms wat gehou is deur die lede van die Potgieter-trekgeselskap, waar Potgieter as kommandant gekies is[13] van 'n groep mense

> "op vrye grond, waar 't engelsche goevernement niets meer te zeggen heeft!"[14] -

dus van 'n groep mense wat hulleself as 'n vrye gemeenskap beskou het. Potgieter se taak as kommandant sou wees om orde en gereeldheid op die trek te handhaaf.[15] Na aanleiding van hierdie vergadering verklaar Hattingh verder:

> "Men maakte nu ook de wet, hoe men verder zoude trekken. Aan deze wet moest iedereen gehoorzaam zyn, en iedereen tekende dan zyn naam, om liever samen te sterven dan terug te keren."[16]

Ongelukkig is dit al wat van hierdie wet vermeld word. Van die inhoud daarvan is niks bekend nie, behalwe dat dit bepaal het hoe verder getrek sou word.

---

11) Kyk F.A.F.Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 4de jaargang, deel 2, 1941, bl.2); F.A. van Jaarsveld: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, deel 1: Pioniershartstogte (1836-1864), Johannesburg, 1951, bl.57; A.J.H.van der Walt: Die vroegste konstitusionele geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Die Saaier, jrg.1, no.4, bl.9).

12) Kyk hoofstuk V, bll. 241-242 van hierdie werk.

13) Kyk bl. 2 hierbo.

14) Herinneringe van J.H.Hattingh (Preller: Voortrekkermense I, bl.120).

15) Ibid.

16) Ibid.

As mens daaruit enkele gevolgtrekkinge wil maak, kan niks meer gedoen word as om 'n paar waarskynlikhede aan te dui nie, ook na aanleiding van wat later op 2 Desember 1836 gebeur het, toe weer 'n volksvergadering gehou en voorsiening vir sekere wetgewing gemaak is.[17]

Mens kan jou moeilik voorstel dat die hoe hulle verder sou trek alleen op 'n bepaalde trekrigting betrekking sou gehad het. Dit ook seker wel want by die geselskap was daar seker ook mense wat oor die trekrigting ingelig moes word. Verder kan met 'n taamlike mate van sekerheid aanvaar word dat in hierdie wet iets omtrent die organisasie en die wyse waarop voortgetrek sou word, bepaal sou gewees het. Die Potgietertrek het immers ongeveer tweehonderd siele getel. Hoeveel waens en vee hulle by hulle gehad het, is ongelukkig nie bekend nie, maar as in aanmerking geneem word dat dit hoofsaaklik veeboere was wat die Kaapkolonie verlaat het en dat die Potgieter-geselskap in die Vegkop-slag 100 perde, 5000 beeste en 50,000 skape verloor het, waarvan aan Potgieter alleen 5000 skape, 300 beeste en 100 trekosse behoort het,[18] blyk dit dat groot troppe vee deur die Trekkers met hulle meegeneem is. Met die oog op weiveld en water moes dus volgens 'n bepaalde plan, soos byvoorbeeld in aparte groepe met redelike afstande tussenin, getrek word. Vir soiets sou die wet seker voorsiening gemaak het. Verder is dit aanneemlik dat hierdie wet ook reëls sou ingesluit het vir die gedrag en samelewing van die Trekkers en sou daarin waarskynlik ook voorsiening gemaak gewees het vir een of ander vorm van optrede teenoor iemand wat hom nie volgens die wet sou gedra nie. Hoewel al hierdie moontlikhede waarskynlik is, is dit tog die natuurlike reëlings wat mens in so 'n wet sou verwag.

Soos met alle wette of reëlings die geval is, is seker ook in hierdie wet slegs die hoofbeginsels neergelê en is die uitvoering daarvan, in besonderhede, opgedra aan 'n uitvoerende gesag, in hierdie geval aan kommandant Hendrik Potgieter. Hy was immers die man wat gekies is om orde en gereeldheid op die trek te handhaaf. Ooreenkomstig hierdie wet, deur die volk ge-

---

17) Kyk paragraaf 3 van hierdie hoofstuk.

18) Volgens die opgawe van Potgieter en Theunissen: a.w., bl.65. Kyk ook Dagboek van Erasmus Smit (Preller: Voortrekkermense II, Kaapstad, 1920, bl.63).

maak, moes hy hulle dan lei en bestuur.

Hierdie bestuursinrigting het vanselfsprekend geen staatsvorming as sodanig ten doel gehad nie. Die mense was immers op trek maar deur hierdie optrede het die Trekkers, onder wie daar die verskeie leiers was van die verskillende trekgroepe wat bymekaar aangesluit het, getoon dat hulle deeglik bewus was van die noodsaaklikheid van orde en reëlmaat, wat alleen gehandhaaf kon word deur vaste reëlings of wette, waarvan die uitvoering aan 'n persoon of liggaam opgedra moes word. Die feit dat slegs een persoon met die leiding en handhawing van orde en reëlmaat belas was en dat dit nie aan een of ander liggaam opgedra is nie, kan verklaar word uit die militêre organisasie waaraan die Trekkers in die Kaapkolonie gewoond was, en uit die semi-militêre organisasie van die Trek self, wat om heel begryplike redes nie anders kon wees nie.[19] Dit verklaar meteens ook die feit waarom Potgieter as kommandant gekies is. In die kommandostelsel was die kommandant tot onmiddellik voor die Groot Trek die hoogste offisier en het hy

> "kragdadig ontwikkel tot die aangewese leier van sy distrik, nie net op militêre terrein nie, maar veral ook op politieke, maatskaplike en kerklike gebied."[20]

Dit is dan ook geen wonder dat die eertydse kommandant in die Kaapkolonie weer tot hierdie belangrike betrekking geroep is nie.

Nog in 1836 het Potgieter een van sy eerste dade as uitvoerende amptenaar van die klein trekkende gemeenskap gedoen, naamlik om voorsiening te maak vir die verkryging van 'n bepaalde gebied waarop hulle hulle kon vestig, al sou dit ook maar tydelik wees. Die grondgebied het hy van 'n klein uitgehongerde en vir die Matabele beangste stammetjie, die Bataung, wat in die omgewing van die latere Winburg gewoon het, vir 'n aantal beeste geruil, en sou hy en sy mede-Trekkers volgens die verbond wat met die opperhoof, Makwana, gesluit is, daaroor die reg van beheer kry.[21]

---

19) Kyk bll.3-4 hierbo.

20) J.J.van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit Pretoria, Desember 1949), bl.4.

21) Kyk Potgieter en Theunissen: a.w., bl.37.

3. Die bestuursreëling van 2 Desember 1836.[22]

Nadat die Maritz-trek op 19 November 1836 by Thaba Nchu, waarheen ook die Potgieter-groep na die slag van Vegkop spoedig gehaal is, aangekom het, is reëlings getref vir die inrigting van 'n bestuur vir die verenigde Trekker-gemeenskap. Die behoefte daaraan is baie sterk deur die Trekkers gevoel.[23] Op heel kernagtige wyse skets Thom die situasie as volg:

> "Nou (d.w.s. na die aankoms van Maritz by Thaba Nchu) het die tyd aangebreek om tot die vernaamste werk oor te gaan, nl. die daarstelling van 'n algemene, amptelike Trekker-regering. So 'n algemene regering het nou reeds hoog nodig geword, want uit die aard van die saak het daar reeds ernstige vraagstukke ontstaan in verband waarmee 'n uniforme beleid en 'n gemeenskaplike optrede noodsaaklik geword het. Daar was vraagstukke in verband met die trekbeweging self, soos die versorging van die mense en hulle vee en die bepaling van die trekrigting; daar was vraagstukke in verband met die burgerlike organisasie van die Trekkers, soos die voltrekking van huwelike, die bereddering van boedels en die registrasie van wetlike verpligtings in kontrakte en andersins; daar was die vraagstuk van die handhawing van reg en geregtigheid, iets waarop die Voortrekkers besonder gesteld was; en daar was ook die groot vraagstuk, wat nou onverbiddelik op die voorgrond gestaan het, nl. beskerming teen vyandelike inboorlinge en afrekening met die Matabeles. Nog meer, die Voortrekkers was reeds ver buite die grense van die Kaapkolonie; hulle was op eie kragte aangewese en die genoemde vraagstukke het geen uitstel geduld nie. Dit het sowel Maritz as Potgieter besef."[24]

Die resultaat van hierdie besef van die noodsaaklikheid van 'n Trekker-regeringsvorm was die hou van 'n volksvergadering in die laer van Hendrik Potgieter

---

[22] 'n Kopie van die verslag van die reëlings en die inrigting van die bestuur is gepubliseer in H.S.Pretorius en D.W.Krüger: Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849, Pretoria, 1937, bll.13-14 en in G.S. Preller: Voortrekkermense I, bll.297-298.

[23] Vgl. Thom: a.w., bl.102.

[24] Ibid., bl.104. Preller beweer dat kort na Maritz se aankoms by Thaba Nchu op 16 Nov.1836 "die beide voormanne," d.w.s. Potgieter en Maritz, met mekaar beraadslaag het oor die "daarstelling van 'n goeie godsdienstige en burgerlik-maatskaplike inrigting."(Piet Retief, bl.100). Die bewering is foutief want op 16 Nov. was Maritz nog "drie dagreise van Blesberg af " (Thom: a.w., bl.102), en buitendien is die samespreking op gemelde datum gevoer tussen Maritz en lede van die Potgieter-trekgeselskap, maar nie deur Potgieter self nie. (Kyk Dagboek van Erasmus Smit , 16 Nov.(1836)- Preller: Voortrekkermense II, bl.61).

op 2 Desember 1836.[25] Op hierdie vergadering het die volk 'n bestuursliggaam, bestaande uit sewe lede gekies.[26] Die verkiesing het per stembrief plaasgevind.[27]

Dit is nodig dat die verslag van die verrigtinge van die volksvergadering hier volledig aangehaal word met die oog op verdere bespreking.

> "Op heden den 2 December 1836 een algemene vergadering belegt hebbende, met die mening om door eene algemene volkstem Rechters aan te stellen die voor het algemene best en vrede zullen moeten waken, die ook te gelyker tyd eene Wetgevende Lichaam zullen uitmaken welke Collegie of Ligchaam bestaat in deze zeven Personen, als namelyk Gerhardus Marthinus Maritz, Andries Hendrik Potgieter, Johannes Gerhardus Bronkhors, Christiaan Jacobus Liebenberg, Pieter Greyling, Daniel Kruger, en Stephanus Janze van Feure, welke allen door deze ondergetekendens tot eene regeringsvorm gekozen zyn geworden die gedurig van tyd tot tyd zich stiptelyk zullen houden aan alle zodanige wetten en regelmenten als door eene algemene vergadering zullen worden vastgesteld. - Welke Hoofden Hun Edelens hebben onderworpen, om solemeelyk met eede te beloven, naar hunne beste vermogens en onpartydiglyk niet dan de zuiverste rechtvaardigheid te plegen en te doen gedyen, zoo in Civil als Criminele zaken, als mede alle andere zaken betreffende de kryg of oorlog; -

---

25) Blykbaar was al die Trekkers nie daar teenwoordig nie want Erasmus Smit verklaar dat hy en Francois Retief, broer van Piet Retief, eers teen die aand gehoor het dat so 'n vergadering gehou is (Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.67). Engelbrecht stel dit voor asof Potgieter alleen verantwoordelik was vir die verkiesing van hierdie bestuur (<u>Staatkundige Strominge in Transvaal in die jare 1836-1857</u> - <u>Hervormde Teologiese Studies</u>, jrg.4, afl.2-3, bl.119), en dat Potgieter die hooffiguur in die bestuursliggaam was (<u>Die Nederduits Hervormde Gemeente Potchefstroom</u>, Pretoria, s.j., bl.12). In eersgenoemde artikel (bl.119) spreek hy selfs van die "regerings Raad van Potgieter." In die lig van bestaande gegewens is sodanige bewering beslis foutief en kan dit nie onderskryf word nie.

26) Die sewe persone was: Gert Maritz, Hendrik Potgieter, J.G.S.Bronkhorst (Lid van die Potgieter-geselskap), C.J.Liebenberg (van die Potgieter-trek), P.J.Greyling (van die Maritz-trek), Daniel Kruger (Potgieter-geselskap) en S.Janse van Vuuren (vermoedelik van die Potgieter-trek). Kyk Thom: a.w.,bll.104-105.

27) <u>Dagboek van Erasmus Smit</u>, 2 Des.1836 (Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.67). Thom (a.w.,bl.104) sê dat die verkiesing per <u>geslote</u> stembriefies plaasgevind het. Volgens voetnoot 4, bl.104 van sy werk, kry hy dié informasie uit Smit se Dagboek, soos hierbo aangehaal, waar slegs van <u>stembriefjes</u> gepraat word en niks van <u>geslote</u> nie. In Natal is later van geslote stembriewe gebruik gemaak (A.J.du Plessis: <u>Die Republiek Natalia-Argief-jaarboek vir S.A.Geskiedenis</u>, 5de jaargang, deel 1, 1942, bl.167).

waarby ter andere zyde de gewone mannen, uitmakende het Volk, ook met Eede beloofd hebbende zich getrouw en vreedzaam te onderwerpen aan den uitspraak en bevelen van bovengemelde Hoofden.

Wy ondergetekenden zweren by dezen, dat wy ons stiptelyk zullen gedragen en te houden aan alle hetgeen hier boven vermeld staat. - Welke eed aldus luid -

Zoo waarlyk helpe my God Almagtig."

Dit is dan deur die sewe gekose persone onderteken.[28)]

Haas elke skrywer wat die geskiedenis van die Groot Trek behandel, skenk aandag aan hierdie bestuursreëling. Preller wy daar slegs enkele reëls aan en verklaar dat in die gekose burgerraad wetgewende en regterlike funksies verenig was.[29)] Van 'n uitvoerende funksie word deur hom geen melding gemaak nie. Van Heerden sien in hierdie burgerraad meer die regterlike en uitvoerende mag as wetgewende gesag omdat die wetgewende gesag eintlik by die volksvergadering berus het.[30)] Thom verklaar dat in hierdie bestuursreëling geen voorsiening vir 'n skeiding van die drie regeringsmagte gemaak word nie maar

"dat dit tog duidelik is wat die bevoegdhede van die kollege sou wees en hoe die bestuur in die praktyk sou fungeer. Die kollege het klaarblyklik oor al drie regeringsmagte beskik."[31)]

Potgieter en Theunissen noem hierdie bestuursreëling skaars[32)] terwyl Gerdener[33)] daar glad geen melding van maak nie. By Wichmann heers daar effens verwarring as hy verklaar:

"Ook het die 'Rechters' 'n wetgewende liggaam of 'regeringsvorm' uitgemaak ....".[34)]

---

28) Pretorius en Kruger: a.w., bll.13-14.

29) Piet Retief, bll.100-101; ook Andries Pretorius, Johannesburg, 1937, bl.128, waar Preller van die burgerraad as die eerste "Voortrekker Volksraad" praat.

30) Die Kommandant-Generaal in die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1860 (Historiese Studies, Pretoria, Desember 1944, bll. 211-212).

31) A.w., bl.107.

32) T.a.p., bl.68.

33) G.B.A.Gerdener: Sarel Cilliers.

34) T.a.p., bl.68.

Theal begaan 'n baie groot flater as hy meedeel dat hierdie volksvergadering

> "resolved to elect a body of seven members, which should have supreme legislative power."

Behalwe wetgewende bevoegdhede, sou die kollege ook regterlike funksies uitoefen.[35] Walker maak ook slegs in enkele sinne van hierdie liggaam melding en sien dit net as wetgewende liggaam en geregshof.[36]

As ons hierdie bestuursreëling ontleed, word in die eerste plek verklaar dat die doel van die volksvergadering was om

> "door eene algemene volkstem Rechters aan te stellen die voor het algemene best en vrede zullen moeten waken ..."[37]

Thom aanvaar blykbaar die betekenis van Rechters alleen as mense wat die regspraak beoefen het, m.a.w. hy heg dieselfde betekenis aan die woord as wat ons vandag onder regter verstaan. Hy verklaar naamlik:

> "Van die lede (van die bestuursliggaam) word gepraat as 'Rechters,' en verder word gesê dat hulle in siviele en kriminele sake onpartydig sal optree en reg en geregtigheid sal handhaaf. Die regspraak was dus in hulle hande en daar is dienaangaande nie beperkings op hulle gelê nie, sodat hulle uitsprake finaal sou wees."[38]

As ons die dokument ontleed val dit egter op dat hierdie Rechters nie net regspraak tot taak gehad het nie, maar dat hulle ook

> "voor het algemene best en vrede zullen moeten waken ...;"

dat hulle terselfdertyd 'n wetgewende liggaam sou uitmaak; dat hulle tot 'n regeringsvorm gekies is wat hulle gedurig van tyd tot tyd stiptelik moes hou aan al sodanige wette en reglemente as wat deur 'n algemene volksvergadering vasgestel sou word; dat hulle onder eed plegtig beloof

> "naar hunne beste vermogens en onpartydiglyk niet dan de zuiverste rechtvaardigheid te plegen en te doen gedyen, zoo in Civil als Criminele zaken, alsmede alle andere zaken betreffende de kryg of oorlog."

Die woord Rechters het dus nie net betrekking op die regspraak, soos uit bogenoemde aanhaling uit Thom se werk afgelei word nie, maar op die hele inrigting van

---

35) G.McCall Theal: History of South Africa from 1828 to 1846, London, Sonnenschein, 1904, bll.282-283.

36) E.A.Walker: The Great Trek, 3rd ed., London, 1948, bll.126-127.

37) Deur my gekursiveer.

38) Thom: a.w., bl.107.

die regering met al drie regeringsmagte: wetgewend, uitvoerend en regsprekend. Die vraag kom verder by mens op of die Trekkers, as hulle met Rechters slegs regsprekende amptenare bedoel het, sodanige amptenare nie veel eerder landdroste sou genoem het nie want dit was die naam waaronder so 'n amptenaar aan hulle bekend was. Trouens, die stelsel van landdros en heemrade was 'n uiters geliefde instelling by die Hollands-Afrikaans-sprekende koloniste in die Kaapkolonie, die afskaffing waarvan deur die Britse regering veel kwaad bloed gesit het. 'n Ander benaming vir so 'n amptenaar, waarmee hulle ook bekend was, was magistraat, die amptenaar waarmee die Britse regering die Hollandse landdros vervang het. Van hierdie benaming sou hulle hulle die volgende jaar in Natal gaan bedien.[39)]

Enkele maande na hierdie bestuursreëling, toe Retief ook by die verenigde trekke aangesluit het, is 'n nuwe bestuursorganisasie in die lewe geroep met Retief as goewerneur en Maritz as President-Regter.[40)] Na aanleiding van hierdie laaste benaming verklaar Thom:

> "Die benaming vir Maritz se betrekking, President Regter van die Raad lyk met die eerste oogopslag sonderling en onduidelik. 'n Mens hoor soms die bewering dat die begrip van Regter-President daarin gelees moet word, maar dit is geensins die geval nie, want alhoewel daar in die regspleging van die Kaapkolonie voor die Groot Trek reeds van 'n hoofregter sprake was, was die Voortrekkers met ons begrip van 'n Regter-President nog nie bekend nie.
> Om die Voortrekkerbenaming vir Maritz se amp reg te verstaan, moet 'n mens weer, net soos met Retief se goewerneurskap, in gedagte hou dat hulle nie ervare wetgewers en regsgeleerdes was nie, sodat daar begryplikerwyse heelwat aan hulle bestuurlike terminologie sal gehaper het.
> Wat hulle met Maritz as President Regter van die Raad bedoel het, was klaarblyklik dat hy president of voorsitter van die raad was, en tweedens dat hy regter, hoof van die regspraak was. Waar

---

39) Kyk Regulatien en Instructien voor den Regter of Magistraat, en de maniere van regtspleging voor het gemeenebest aan Port Natal, en dies omtrek. (G.S. Preller: Voortrekkerwetgewing. Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845. Pretoria, 1924, bl. XIII). Hier word ook van 'n regter gepraat maar omtrent die betekenis van die woord, soos dit hier gebruik word, kan geen twyfel bestaan nie want daar word uitdruklik gesê "regter of magistraat," terwyl in die teks slegs van magistraat gepraat word.

40) Thom: a.w., bll.146 en 148-149.

> die lede van die Raad hom as heemrade bygestaan het, kon daar ook inderdaad van hom as die regter van die raad gepraat word. Die kontaminasie, President Regter van die Raad, is dus weldra nie meer so vreemd en onduidelik nie."[41]

Let 'n mens op die ontstaan en funksies van hierdie raad, wat op 17 April 1837, dus kort na die aankoms van Retief, deur 'n algemene volksvergadering saamgestel is,[42] blyk dit dat die raad 'n gewone bestuursliggaam was met 'n drieledige funksie, naamlik:

(a) om bystand te verleen aan die goewerneur, wat met die uitvoerende funksie belas was;

(b) om as wetgewende mag te fungeer, maar onderworpe aan die oppergesag van die volksvergadering;

(c) om die regspraak uit te oefen.

Oor punte (b) en (c) bestaan daar geen twyfel nie[43] maar punt (a) behoef verdere verduideliking. Na aanleiding van punt (a) verklaar Thom:

> "Retief as Goewerneur, sou vernaamlik met die uitvoering van maatreëls belas wees,"[44]

maar van bystand deur die burgerraad of Raad van Politie word daar geen melding gemaak nie. Dit is waar dat daar geen dokumentêre gegewens bestaan ter stawing van die bewering dat in hierdie raad, as 'n toevoeging tot die goewerneur, ook uitvoerende funksies beliggaam was nie. Net soos Thom egter tot verklaring van die benaming regter-president sekere afleidinge en gevolgtrekkinge maak, wat alleen maar daarop gegrond word dat die Trekkers nie ervare wetgewers en regsgeleerdes was nie, kan ons ook na analogie van die ou Kaapse Politieke Raad, waaraan die Trekkers die naam van hulle burgerraad ontleen het, sekere gevolgtrekkinge maak in verband met die uitvoerende funksie van die Trekkers se Raad van Politie.

Die volgende verklaring van die benaming, Raad van Politie, deur Thom, waarmee ons ons heelhartig vereenselwig, vorm meteens ons uitgangspunt .

---

41) Ibid., bll.148-149.

42) Vir volledige besonderhede i.v.m. hierdie raad, kyk paragraaf 4 van hierdie hoofstuk.

43) Vgl. o.a. Thom: a.w., bl.149.

44) Ibid.

> "Gedurende die Hollandse tyd, d.i. die Kompanjiestyd, en die Bataafse tyd, was die burgers aan die Kaap gewoond aan die 'Raad van Politie,' of Politieke Raad, as die hoogste bestuurskollege ... Aangesien die Voortrekkers nog altyd baie vir Holland en die Hollandse - by name Bataafse - bestuur aan die Kaap gevoel het, is dit verstaanbaar dat hulle hulle eie hoogste bestuursliggaam nou ook die 'Raad van Politie' gaan noem het. Hierdie Raad van Polisie, wat by Thaba Nchu ontstaan het, maar hier op die Winburgse vlakte vir die eerste keer by hierdie naam genoem word, was in werklikheid niks anders as 'n Volksraad nie, maar dit sou eers in die Voortrekker-republiek in Natal uitgebrei en met hierdie nuwe naam aangedui word."[45]

Wat in hierdie laaste aangehaalde sin staan, naamlik dat die Raad van Politie geen nuwe instelling was nie, maar dieselfde as die burgerraad van Thaba Nchu,[46] en die daarmee verbandhoudende verklaring van Thom op dieselfde bladsy

> "dat die reorganisasie van die bestuur onder Retief en Maritz geen wysiging in die geskrewe grondslag van die bestuur meegebring het nie ... (want) daar is geen nuwe grondwetlike reëling gemaak nie en dus het die plegtige verklaring i.s. die pligte van regeerders en volk, wat op 2 Desember 1836 by Thaba Nchu aanvaar was, onveranderd bly voortbestaan ...," -

wil ons heelhartig onderskryf.

Nou is daar twee sake waaraan aandag geskenk moet word, naamlik:

(a) Die feit dat die Trekkers se Raad van Politie sy naam van die Kaapse Politieke Raad gekry het en

(b) die feit dat die Raad van Politie nog dieselfde liggaam was as die burgerraad van 2 Desember 1836.

Dit is vanselfsprekend dat die Trekkers, toe hulle voor die ernstige probleem van bestuursinrigting te staan gekom het, veral waar hulle nie ervare wetgewers en regsgeleerdes was nie, sou teruggryp na instellinge waarmee hulle in die Kaapkolonie bekend was, meer in besonder na instellinge van die Hollandse en Bataafse bestuur. Aangesien hulle aan hulle instellinge dieselfde naam gegee het as die van die Kaapse Politieke Raad, wil dit ook heeltemal logies voorkom dat die funksies van die liggaam wat deur hulle in die

---

[45] Ibid.

[46] Kyk bll.7-8 hierbo.

lewe geroep is, min of meer dieselfde sou wees as dié van die liggaam wat vir hulle tot model gedien het.

Tydens die bewind van die Kompanjie het die Politieke Raad aan die Kaap bestaan uit die kommandeur, later die goewerneur, as voorsitter, die sekunde, die sersant, die boekhouer en 'n sekretaris, waarvan laasgenoemde geen stemreg gehad het nie. In hierdie raad was al drie regeringsmagte beliggaam, naamlik wetgewend (maar onderhewig aan die oppergesag van die bewindhebbers van die Kompanjie), uitvoerend en regterlik.[47)]

Aangesien die Bataafse bewind veel beter aan die Trekkers bekend was, het hulle dít by die inrigting van hulle regeringsvorm miskien meer in gedagte gehou. Gedurende die Bataafse bewind het daar ook 'n Politieke Raad bestaan, saamgestel uit vier lede, waarvan die goewerneur die aanblywende voorsitter was. Die uitvoerende gesag was in sy amp gesetel maar

> "hy (sou) in sy uitvoerende kwaliteit in die eerste plek bygestaan word deur 'n 'Raad van Politie.'"[48)]

In alle moeilike gevalle waaroor hy sou moes beslis, sou hy eers die advies van die Politieke Raad inwin, maar indien die Politieke Raad nie ten gunste van sy voorgenome maatreëls of optrede was nie, kon hy óf die advies van elke lid van die Politieke Raad afsonderlik inwin en dit dan saam met sy eie na die Asiatiese Raad in Batawië stuur, óf hy kon die Politieke Raad aanvul met twee lede van die Raad van Justisie en een lid van die Rekenkamer. Dan kon hy die saak opnuut aan hulle voorlê.[49)] Die Politieke Raad het die goewerneur egter nie net in sy uitvoerende hoedanigheid bygestaan nie, maar by oorlye of lang afwesigheid van die goewerneur, sou die kollege die uitvoerende gesag uitmaak.[50)] Daar moet egter op gelet

---

47) J.A.Wiid: Bestuursvorme aan die Kaap (1652-1795) (Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika II, Kaapstad, 1951, bl.27).

48) J.P.van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek (1803-1806), Amsterdam, 1926, bl.71.

49) Ibid., bl.67.

50) Ibid., bl.73.

word dat tydens die Bataafse bewind die regterlike gesag afgeskei is van die goewerneur en die Politieke Raad, en aan 'n onafhanklike liggaam, die Raad van Justisie toevertrou is, met dien verstande dat as laasgenoemde raad in sekere gevalle gunstige advies lewer, die goewerneur die reg gehad het om die voltrekking van 'n doodvonnis op te skort en die stukke wat daarop betrekking gehad het, eers na Batawië te stuur.[51]

Dit is duidelik dat die Trekkers aan Retief as goewerneur geen onbeperkte mag sou gegee het nie en dat hulle hom, net soos in die Kaapkolonie die geval was, 'n Politieke Raad onder voorsitterskap van Maritz ter syde gestel het. Waar die Raad van Politie dan ook presies dieselfde liggaam was wat op 2 Desember 1836 by Thaba Nchu in die lewe geroep is, en daardie burgerraad met uitvoerende gesag beklee was,[52] spreek dit vanself dat die Raad van Politie dieselfde bevoegdhede behou het. Trouens, Thom sê self dat daar geen nuwe grondwetlike reëling gemaak is nie en dat die plegtige verklaring van die pligte van regeerders sowel as dié van die volk, wat by Thaba Nchu aanvaar is, onveranderd bly voortbestaan het.

Behalwe hierdie uitvoerende funksie, klaarblyklik adviserend,[53] het die Raad van Politie ook wetgewende gesag uitgeoefen, egter onder oppergesag van die volksvergadering, asook die regsprekende mag, met Maritz as voorsitter, bygestaan deur die raadslede as heemrade.[54] Kragtens die verklaring van 2 Desember 1836 sou hierdie raad saam met die goewerneur ook te beslis gehad het oor sake rakende oorlog en vrede.

---

51) Ibid., bll.67, 81, e.v.

52) Vgl. ook Thom: a.w., bl.107.

53) Daar is geen gegewens dat Retief deur hulle advies gebind was nie, net soos daar geen gegewens is om die teenoorgestelde te bewys nie. Mens kan jou egter moeilik voorstel dat Retief onverskillig sou gestaan het teenoor die advies van hierdie verteenwoordigers van die volk met 'n invloedryke man soos Maritz aan die hoof.

54) Vgl. die ou Kaapse stelsel van landdros en heemrade. Kyk ook Thom: t.a.p., bl.148.

Waar in die burgerraad van 2 Desember 1836 en in die Raad van Politie van 1837 dus al drie die regeringsmagte verteenwoordig was, klink dit baie onwaarskynlik dat die lede van die onderskeie rade ŉ titel sou dra wat slegs op een van die drie funksies betrekking het.[55]) Dit is opmerklik dat Erasmus Smit, as hy van Maritz se verkiesing in 1837 spreek, hom nie ŉ regter noem nie maar wel ŉ magistraat.[56])

Die woord rechter word later in die geskiedenis van die Groot Trek ook gebruik maar nie om ŉ regsprekende amptenaar aan te dui nie dog wel iemand wat te doen gehad het, in die eerste plek met wetgewing; tweedens met uitvoering (toe daar nog geen wetlike uitvoerende gesag was nie); derdens met regspraak, omdat in die Volksraad toe ook nog regsprekende bevoegdhede berus het vanweë die afwesigheid van ŉ onafhanklike regterlike gesag. Die geval waarna hier verwys word, is dié van A.W.J.Pretorius, wat op 23 Mei 1849 by Derdepoort ingesweer is as lid van die Volksraad en tewens as voorsitter van dié liggaam gekies is. Teen hierdie inswering en verkiesing tot voorsitter het ene W.H.Jacobsz[57]) beswaar gemaak met hierdie woorde:

> ".... dat ik de heer Pretori(us) niet zal erkennen als regter of lit van de Raad over myn ...."[58])

Ook president Kruger praat van regters as hy die voormanne van die volk bedoel.[59]) In dieselfde sin word die woord regters gebruik deur Aletta Bernhardina

---

55) In die sg. "eerste vrye grondwet," d.d. Vetrivier, 6 Junie 1837, opgestel deur die Raad van Politie, word in art.2 gespreek van "Rechters en leeden zoowel van kerkelyke als lant die door den volkstem of hoogt gebieders zyn (goedgekeurt) ...." (Voortrekker-argiefstukke, bll.14-16) en Preller: Voortrekkermense I, bll.300-301).

56) Dagboek van Erasmus Smit, 17 April 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.94).

57) Blykbaar ŉ lid van die publiek wat by die sitting van die Volksraad teenwoordig was want sy naam kom nie in die notule van die vergadering as lid voor nie. (Volksraadsnotule, Derdepoort, 23 Mei 1849 - Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no.1, Kaapstad, s.j., bll.99 e.v.).

58) R.190/50 (Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, Pretoria, 1949, bl.2).

59) Toespraak van pres. Kruger by Paardekraalfees op 16 Desember 1891. (J.S.du Plessis: President Kruger aan die Woord. Bloemfontein, 1952, bl.95).

Oosthuizen (geb. Rudolph) as sy na aanleiding van die uittog van die Winkommando as volg verklaar:

> "Nu gingen allen naar de Klein Toegela; en vandaar, in December, ging het Winkommando uit, by welke gelegenheid onze rechters en Volk de Heere 'n belofte gedaan hebben dat, als hy de vyand in hun hand geef, zy die dag tot 'n vaste feestdag zouden houden."[60]

En les bes, Maritz spreek self van

> "de Regters welke onder ons van tyd tot tyd zullen regeren ...."[61]

Die vraag is nou waarom dan van die woord rechters gebruik gemaak word om manne aan te dui wat sitting gehad het in liggame waarin al drie regeringsmagte teenwoordig was? Ons moet onthou dat ons hier met 'n trekkende volk te doen het, 'n streng godsdienstige volk, wat 'n baie noue ooreenkoms gesien het tussen die uittog van Israel uit Egipte en hulle eie trek uit die Kaapkolonie. So ooglopend was hierdie houding van die Trekkers dat sendeling Livingstone tot die oortuiging gekom het dat die Afrikaners hulleself as die uitverkore volk van God beskou het.[62] In 'n brief skrywe die Natalse Volksraad:

> ".... en niet tegenstaande de gedueriege aantygingen, ongegrond en van waarheid geheel ontbloot, die uit zekere kanalen herhaaldelyk tegen ons aan Hare Majesteits Gouvernt. in Engeland worde opgedrongen, aarzelen wy niet te zeggen dat wy de weereld hopen te overtuigen dat verre van een vernieling of verderf te verstrek(k)en der Heidensche volkeren in deeze gewesten wy een middel zyn in Gods hand tot het tegengaan van roof, moord en geweld omtrend hen zelf ... en tot de bevordering van Christelyke beschaafdheid onder veele duizenden die tot hiertoe nog als in een doodsche duisternis gezeeten hebben zoo als reeds uit die Heidenen die onder onze protectie leeven, en anderen met wien wy den vreede beslooten hebben gereedelyk erkend word."[63]

Toe Erasmus Smit op Sondag, 11 Junie 1837, na die diens vir Retief uitgenooi het om die eed as goewerneur af te lê, het hy van die Trekkersvolk gespreek

---

60) Herinneringe van Aletta B. Oosthuizen (Preller: Voortrekkermense III, bll.123-124). Deur my gekursiveer.

61) Vgl. die rondskrywe van Maritz aan die Trekkers, d.d. 1 Feb.1838. (Aangehaal in Geskiedenis van Suid-Afrika II, bl.73).

62) Van Jaarsveld: a.w., bl.35.

63) R.72/41: Natalse Volksraad aan Goewerneur van die Kaapkolonie, d.d. 14 Jan.1841. (Voortrekker-argiefstukke, bl.120). Deur my gekursiveer.

as

> "de in de woestyn byeenverzamelde Gereformeerde Kerkgemeente." 64)

By 'n ander geleentheid, op Sondag, 27 November 1836, het Smit, wat andersins baie lief was om uit die Evangelies te preek, as teks geneem Exodus 33, vss. 8,12 en 23.[65] In al drie die verse word o.a. gespreek van die uittog van Israel uit Egipte. By die inswering van Retief het Smit gesê dat God vir Retief as 'n Moses oor die laer gestel het[66] en dat die regters gestel is as Ehuds, Gideons en Samuels,[68] m.a.w. as die rigters van die Bybel. Dat Smit onder regter ook rigter verstaan het, blyk uit sy verdere aanspraak tot die gekose ampsdraers:

> "Uw HoogEd. en al de Ed. Richteren! ziet dan toe, wat gij doet ...."69)

Al hierdie omstandighede wek by mens die vermoede dat die Trekkers met die woord regter regeerder of bestuurder bedoel het in die sin van die Bybelse rigter. Wanneer president Kruger, self 'n seun wat die Groot Trek deurgemaak het, later na hierdie manne verwys, noem hy hulle dan ook regeerders en bestuurders.[70] Al sou die Trekkers hulle van die woord rigter bedien het, sou dit nog geen verskil gemaak het nie want volgens die kanttekeninge in die Statebybel, feitlik die enigste boek waaruit hulle hulle kennis geput het, was 'n rigter ook iemand wat regspraak uitgeoefen het, maar dit word verder verduidelik dat die rigters wat deur God geroep is om Israel te lei en oor hulle te regeer, nie daardie soort rigter was nie.[71] Vir die Trekkers, mense wat maar min onderwys in hulle lewe ontvang het, mense wat, soos talle briewe en geskrifte aantoon, met korrekte Nederlands baie swak bekend was, in wie se mond die taal al belangrike veranderinge in die rigting van wat later Afrikaans sou

---

64) Dagboek van Erasmus Smit (Preller: Voortrekkermense II, bl.107).

65) Ibid., bl.65.

66) Ibid.,bl. 109.

67) d.w.s. Maritz en die lede van die Raad van Politie.

68) Dagboek van Erasmus Smit (Voortrekkermense II,bl.109).

69) Ibid.

70) J.S.du Plessis: a.w., bll.92 en 102.

71) Kyk opskrif by die begin van die boek Richteren en kanttekening 18 by Richteren 2 vs.16.

word, ondergaan het, het daar blykbaar geen verskil tussen regter en rigter bestaan nie.[72)]

Uit die funksie wat hierdie manne moes vervul, blyk dit baie duidelik dat hulle rigters van die volk moes wees, d.w.s. dat hulle die volk moes lei, toesien dat die orde gehandhaaf word en vir die algemene veiligheid moes waak, en dat hulle nie alleen regters in die hedendaagse betekenis van die woord moes wees nie. In hierdie lig beskou, sou die titel van Maritz in die Raad van Politie veel meer betekenis hê as dit President Richter was - voorsitter van die rigters van die volk.

Om terug te keer tot die bestuursreëling van 2 Desember 1836, kan hier met die stelling volstaan word, wat vandag geen twyfel meer inhou nie, naamlik, dat die burgerraad onder voorsitterskap van Maritz, ŉ wetgewende sowel as ŉ regterlike liggaam was.[73)] Waaroor hier egter meer gesê moet word, is die kwessie van die uitvoerende gesag of politieke leierskap.

Die kollege van sewe manne is gekies om

> "voor het algemene best (te) zullen moeten waken ...."

en tot

> "eene regeringsvorm ... die gedurig van tyd tot tyd zich stiptelyk zullen houden aan alle zodanige wetten en regelmenten als door eene algemene vergadering zullen worden vastgesteld."

In hierdie bepalings lê die kiem opgesluit van die totstandkoming van ŉ uitvoerende gesag onder die Trekkers, ŉ saak wat met verloop van tyd nog ŉ bittere twisappel sou word en veel stryd sou uitlok, maar wat uiteindelik sou uitloop op die totstandkoming van die amp van staatspresident in die Republiek van die O.V.S. en die van president van die Uitvoerende Raad (later staatspresident) in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die eerste vereiste wat aan die bestuurskollege gestel is, was om vir die algemene welsyn te

---

72) Sou ŉ skryffout of ŉ kopieerfout, want in albei dokumente het ons met afskrifte te doen, nie dalk vir hierdie misverstand verantwoordelik wees nie? Baie dokumente uit die Trekker-tydperk toon dat dikwels i.p.v. i ŉ e geskryf is. Vgl. bv. beregten i.p.v. berigten in die proklamasie van A.W.J.Pretorius, aangehaal in hoofstuk IV, voetnoot 36. Vgl. ook verplegt i.p.v. verpligt in R.27/39 (hoofstuk II, voetnoot 117).

73) Kyk hierbo bll.9-10 en voetnote 29-36 van hierdie hoofstuk.

waak. Hierdie vereiste word in 'n effens gewysigde vorm, maar met dieselfde sin en betekenis, teruggevind in artikel 72 van die Grondwet van die Z.A.R., waar bepaal word dat die president van die Uitvoerende Raad soveel as moontlik aan die verlange van die volk, soos in artikel 24 uitgedruk, sou moes beantwoord.[74] Hierdie verlange van die volk was:

> "den opbouw, bloei en de welvaart van Kerk en Staat,"

en wel o.a., deur die benoeming van Nederduits Hervormde predikante en onderwysers.[75] In die ampseed wat die president moes aflê, moes hy plegtig verklaar en sweer dat hy

> "niets anders (zal) beoogen dan den bloei, de welvaart en onafhankelykheid van het land en volk dezer Republiek."[76]

Die tweede vereiste word ook aan die latere presidente van die republieke gestel want by hulle inswering moes hulle verklaar:

> "Ik beloof en zweer plegtig trouw aan het volk dezer Republiek ... (en) te zullen gehoorzamen aan de bevelen der boven my gestelden, volgens de wet ...,"[77]

en

> "Ik zweer als President, in dienst van het Gouvernement van den Oranjevrystaat, het regt te zullen bedienen overeenkomstig de bestaande of nog vast te stellen wetten van dezen Staat en al de pligten uit te oefenen aan myne betrekking verbonden, zonder aanzien van persoon, onpartydig en opregt, zooals een eerlyk Regter betaamt ...."[78]

Die formule van hierdie laaste eed is later verander en het sedert die eerste inswering van president Brand as volg gelui:

> "Ik zweer als Staatspresident van den Oranjevrystaat trouw aan deszelfs wetten en beloof alles te zullen doen naar myn vermogen, wat de belangen van land en volk kan bevorderlyk zyn."[79]

---

74) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.72 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.44).

75) Ibid., art.24 (ibid., bl.37).

76) Amspeed van die President van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R., soos bepaal deur die Grondwet (1858), art.108 (ibid., bll.49-50).

77) Ibid.

78) Ampseed afgelê deur die eerste staatspresident van die O.V.S. op 13 Sept.1854. (Kyk hoofstuk VI, bl. van hierdie werk).

79) Volksraadsnotule (O.V.S.), 2 Feb.1864. Kyk ook hoofstuk VI, bl. 281 van hierdie werk.

Wat dus van die latere staatspresidente van die republieke verwag is, is ook van Maritz en sy burgerraad verwag. Hulle moes ook 'n uitvoerende liggaam wees en sorgdra dat besluite wat deur die volksvergadering geneem is, uitgevoer word. Trouens, dit is duidelik bepaal dat hulle gekies is tot 'n <u>regeringsvorm</u>, waarmee klaarblyklik <u>regering</u> bedoel is,[80] wat hulle moes hou aan die wette en reglemente wat periodiek deur 'n volksvergadering daargestel sou word. Die hoogste wetgewende gesag was dus in die volksvergadering gevestig - op eg demokratiese wyse.[81]

Maritz en sy raad word egter ook 'n wetgewende gesag genoem. Daarmee is beslis nie bedoel dat die raad die hoogste wetgewende gesag uitgemaak het, soos Theal beweer nie.[82] Dat hierdie raad met wetgewende bevoegdhede beklee moes wees, is heel natuurlik verklaarbaar aangesien dit vir die Trekkers, wat uit die aard van omstandighede oor 'n groot oppervaklte moes voortbeweeg, oneindige moeilikhede sou oplewer as hulle telkens die trek sou moes staak om op 'n sentrale plek bymekaar te kom om een of ander besluit te neem. Derhalwe is aan die raad die bevoegdheid verleen om sekere maatreëls te tref wat nodig sou wees vir die handhawing van reg in die voorttrekkende <u>staat</u>, maar altyd onderhewig aan die oppergesag van die byeenversamelde volk. Die volk het vir hom die reg uitgehou om in 'n volksvergadering byeen te kom en self besluite oor belangrike kwessies te neem, waaraan die burgerraad dan gebonde sou wees. Dit het nie net by reg uithou gebly nie want die algemene volksvergadering het ten minste een keer bymekaar gekom om sodanige besluite te neem, naamlik toe hulle oor die afgelope kommando teen Silkaats en die verdeling van die buit

---

80) Die woord "regeringsvorm" is hier nie vanpas nie omdat 'n regeringsvorm nie uit blote persone kan bestaan nie. Wat bedoel word, is "regering". Die gebruik van die woord "regeringsvorm" moet toegeskryf word aan die feit dat die Trekkers nie met die terminologie goed bekend was nie.

81) Kyk Thom: a.w., bl.106.

82) Theal: <u>History of South Africa (1828-1846)</u>, bl.282.

beraadslaag en kerkraadslede gekies het.[83] Dit spreek vanself dat die burgerraad vir al sy wetgewende werksaamhede aan die volksvergadering verantwoordelik was, net soos die latere Volksraad, wat uit die liggaam ontwikkel het, aan die volk verantwoordelik was. Meer nog, die wetgewende bevoegdhede van die burgerraad het ook tot 'n groot mate ooreengestem met dié van die latere staatspresidente, in dié sin dat hulle, as toesighouers en wakers oor die belange en welsyn van die volk, die volk sou voorlig oor belangrike besluite wat in belang van die algemene welsyn geneem moes word. Net soos hierdie burgerraad, het ook die staatspresidente van die republieke 'n belangrike aandeel in die wetgewing gehad.[84]

In hierdie hele bestuursreëling was dus die begrip van <u>verantwoordelikheid</u> tot 'n baie sterk mate opgesluit, sowel in wetgewende as in uitvoerende opsig, 'n begrip wat later in die republieke, veral ten opsigte van die staatshoof, baie sterk beklemtoon sou word.

Twee vrae in verband met hierdie bestuursreëling moet egter nog opgeklaar word. Ook daarvoor bestaan geen dokumentêre gegewens nie en kan alleen met enkele gevolgtrekkinge volstaan word. Die eerste vraag is: waarom is die uitvoerende, wetgewende en regterlike gesag aan een liggaam opgedra en nie aan drie verskillende liggame nie? Sou dit wees omdat die Trekkers nog geen begrip van die skeiding van staatsmagte gehad het nie of sou dit aan ander redes toegeskryf kan word?

---

83) <u>Dagboek van Erasmus Smit</u>, 8 Feb.1837 (Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.91). Ongelukkig het daar geen geskrewe getuienis i.v.m. die werksaamhede van die burgerraad of 'n notule van gehoue vergaderinge bewaar gebly nie. Van die wetgewing deur die burgerraad is dus niks bekend nie, behalwe wat verhaal word in 'n brief, onderteken deur "An Inhabitant," d.d. Graaff-Reinet, 9 Maart 1837, in <u>The Graham's Town Journal</u>, 23 Maart 1837: " .... they have made some very good laws, and one of these laws is a prohibition of killing more game than is necessary for consumption. They ballotted for a landdrost, and Mr. Maritz was appointed; him and his heemraden settle all disputes of whatever nature, and the people are happy." ('n Uittreksel van hierdie brief het ook verskyn in <u>De Zuid-Afrikaan</u>, 31 Maart 1837. Kyk ook Thom: a.w., bll.110-111).

84) Kyk hoofstuk VIII van hierdie werk.

Thom beantwoord hierdie vraag alreeds gedeeltelik deur daarop te wys dat hierdie elementêre, maar tog vir die tyd uiters verligte bestuurstelsel, toegeskryf moet word aan:

(a) die feit dat die beginsel van die skeiding van regeringsmagte nog nie in die regering wat die Trekkers in die Kaapkolonie geken het, deurgevoer was nie;

(b) die feit dat die Trekkers 'n klein en beperkte gemeenskap uitgemaak het en dat hulle heeltemal aan die begin van hulle staatkundige loopbaan gestaan het, en dat op hierdie tydstip nog geen in besonderhede uitgewerkte stelsel vereis is nie;

(c) die onbekendheid van die Trekkers met wets- en regskennis, selfs ook in die geval van Maritz, wat onder die Trekkers een van die bes ingeligte manne was, indien nie die beste nie.[85)]

'n Ander logiese rede, wat ook heelhartig onderskryf kan word, is dat daar in hierdie beperkte gemeenskap slegs 'n paar persone was wat bevoeg was om as bestuurders op te tree, en dat dit derhalwe verstaanbaar was dat al drie regeringsmagte aan een liggaam, waarin dieselfde persone sitting gehad het, opgedra is.[86)]

Nog 'n rede wat hier bygevoeg kan word, is dat dit op daardie tydstip 'n uiters onpraktiese reëling sou wees om drie verskillende liggame in die lewe te roep en elkeen met 'n afsonderlike bestuursfunksie te belas. Die volk was besig om te trek en was nog ver van hulle bestemming af. Almal het nie in een groep getrek nie want die groot hoeveelheid vee wat hulle by hulle gehad het, het vereis dat hulle in verskillende groepe moes trek. Die afstand tussen hierdie groepe sou bepaal word deur die gehalte van en hoeveelheid aan weiveld en water. Waar die Trekkers dus betreklik ver uitmekaar sou wees, sou dit vir 'n hele aantal persone baie moeiliker wees om telkens bymekaar te kom om sake te bespreek, besluite te neem en reg te spreek, as wat dit vir slegs sewe persone sou wees.

---

85) Thom: a.w., bll.107-108.

86) Wichmann: <u>Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek,</u> bl.11.

Bowendien sou dit, indien drie afsonderlike regeringsliggame in die lewe geroep was, vanweë die afwesigheid van selfs die elementêrste regeringsmasjienerie, amptenare en kantore, 'n onbegonne taak gewees het om die nodige kontrole en harmonie tussen die drie regeringsmagte te handhaaf. Drie afsonderlike liggame sou 'n betreklik noukeurige en ingewikkelde organisasie vereis het asook die opstel van 'n behoorlike grondwet, en al sou die Trekkers oor die nodige kennis en vermoë beskik het, is dit hoogs te betwyfel of hulle op hierdie tydstip, toe hulle almal deeglik bewus was van die feit dat hulle nog geen gevestigde samelewing was nie, so 'n onpraktiese reëling sou getref het. Die verdere verloop van die Trek het wel deeglik bewys dat hulle van die noodsaaklikheid van 'n skeiding van magte bewus was, hoewel hulle dit nie gou in die praktyk kon deurvoer nie. Met die vestiging in Natal is 'n gedeeltelike skeiding gemaak tussen die wetgewende gesag, wat teoreties ook uitvoerende mag was,[87] en die regterlike gesag, toe die regspraak namens die Volksraad in die hande van landdroste gestel is.[88] Waar egter nog geen gevestigde samelewing deur die Trekkers gevorm was nie, het al drie regeringsmagte in die hande van een liggaam gebly, byvoorbeeld in die geval van die Potchefstroomse raad (1844) en daarna.[89] Eers met die permanente vestiging van die Trekkers ná die onafhanklikheidserkenning van Transvaal en Trans-oranje, en met die totstandkoming van die twee Boere-republieke, sou in die onderskeie grondwette wat opgestel is, voorsiening gemaak word vir 'n definitiewe skeiding van bestuursmagte.

Nog 'n waarskynlike rede wat vir die afwesigheid van 'n goed ingerigte regering aangevoer kan word, is dat daar op dié tydstip nie veel behoefte aan owerheidsoptrede bestaan het nie. Ten spyte van onder-

---

87) Kyk hoofstuk II van hierdie werk.

88) Kyk Wichmann: a.w., bl.11. Hierdie gedeeltelike skeiding van magte was die resultaat van die invloed van die Bataafse bestuursreëlinge. (Kyk A. Wypkema: De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881. Pretoria, 1939, bll.201-202).

89) Wichmann: a.w., bl.11.

linge onenigheid en struweling, het dit in die Trekkers se aard gelê om besonder wetsgehoorsaam te wees en het tydens die Trek heel weinig, indien enige kriminele oortredings voorgekom. Die Trekkervolk was 'n eenvoudige landelike gemeenskap en vanweë die feitelike afwesigheid van komplliserende verskynsels wat gedurige en ingrypende optrede geverg het, was daar as het ware geen behoefte aan 'n verfynde en ingewikkelde staatsorganisasie nie.

Die tweede vraag waarop 'n antwoord gevind moet word, is: waarom is by Thaba Nchu die uitvoerende gesag nie aan een persoon opgedra, soos pas enkele maande later, ná die aankoms van Retief gedoen is nie? Die voor die hand liggende antwoord op hierdie vraag skyn te wees dat hulle vanweë die ervaring in die Kaapkolonie opgedoen, oorgenoeg van despotisme gehad het, en dat hulle bevrees was dat sodanige mag in die hande van een persoon tot outokratiese optrede sou kon lei. So 'n antwoord kan nie as onjuis opsy geskuif word nie want die afkeer wat die Trekkers van despotisme gehad het, sou sekerlik ook 'n rol by die bestuursinrigting gespeel het. Trouens, die hele verdere geskiedenis van die stryd tussen die Volksraad en die kommandant-generaal, eers in Natal en later in Transvaal, lewer bewys van die vrees wat daar by die Trekkers vir 'n eenmansregering bestaan het.[90]

Net soos in talle ander gevalle dokumente ontbreek om 'n afdoende antwoord op baie vrae te gee, is dit ook hier die geval. Erasmus Smit verhaal egter dat die Maritz-trek op 16 November 1836 besoek ontvang het van vroegere reizigers, naamlik Barend en Christiaan Liebenberg, Van Dyk, Fischer, e.a., en dat hulle ook onder andere met Maritz saamgespreek het

> "over andere tegenwoordige zaken der uitgetrokken mensen; over de daarstelling van 'n goede godsdien-

---

[90] Hierdie stryd is deeglik nagevors deur J.J.van Heerden en beskryf in: Die Kommandant-Generaal in die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1860 (Historiese Studies, Pretoria, Desember 1944) en Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit Pretoria, 1949), hoofstukke 1-4.

godsdienstige en burgerlike maatschappelike inrigting ...."[91]

Van Van Dyk en Fisher weet ons ongelukkig niks maar as hulle in die geselskap van die Liebenbergs gekom het, het hulle blykbaar net soos laasgenoemdes, aan die Potgieter-trek behoort. Barend Johannes Liebenberg en Christiaan J.Liebenberg was albei lede van die Potgieter-geselskap.[92] Hulle was blykbaar invloedryke en gesiene manne onder die Trekkers want C.J. Liebenberg was een van die sewe manne wat op 2 Desember 1836 tot lid van die burgerraad gekies is. Thom noem hom 'n bekende lid van die trek van Potgieter, asook dat hy selfs op kommissiewerk na die noorde uitgestuur was.[93] Barend Liebenberg is miskien minder bekend maar ook hy was blykbaar nie van te geringe aansien nie want op 19 Desember 1837, toe goewerneur Retief met die Trekkers aan die Tugela-rivier gaan beraadslaag het oor die voorgenome kommando na Sikonyela, was dit Barend Liebenberg wat

"uit naam van velen der volkstem"

aan die goewerneur 'n memorie, deur hom onderteken, voorgelees en oorhandig het.[94] Dit is ook bekend dat Barend Johannes Liebenberg een van Retief se twee adjudante was,[95] sodat ook hy 'n man was van wie beslis notisie geneem is. Barend Liebenberg was blykbaar ook 'n persoon wat vir homself kon dink want na aanleiding van die hierbo genoemde gesprek wat met Maritz gevoer is, sê Erasmus Smit dat hy (Barend)

"zeer verstandig oordeelde."

Hierdie besoek van ten minste twee gesiene en

---

91) Dagboek van Erasmus Smit, 16 Nov.1836.(Preller: Voortrekkermense II, bl.61). Potgieter en Theunissen maak van hierdie gesprek geen melding nie en ander skrywers noem dit net in die verbygaan.

92) Kyk Preller: Voortrekkermense II, bl.61,voetnoot 2.

93) Thom: a.w., bl.105.

94) Dagboek van Erasmus Smit, 19 Des.1837. (Preller: Voortrekkermense II, bll.157-158); Preller: Piet Retief, bl.213.

95) Die ander adjudant was ook 'n bekende figuur, nl. Marthinus Oosthuizen. Kyk Preller: Piet Retief, bl.270 vir die naamlys van die persone wat saam met Retief na Dingaan was. M.Oosthuizen is op 17 April 1837 gekies as lid van die Raad van Politie (Thom: a.w., bl.146).

invloedryke manne uit die Potgieter-geselskap aan Maritz en hulle gesprek met hom veral oor

"de daarstelling van 'n goede godsdienstige en burgerlike maatschappelike inrichting,"

wek by mens die vermoede dat daar nie so 'n algehele tevredenheid met Potgieter se beleid en optrede bestaan het nie. Vir 'n moontlike ontevredenheid kon daar twee waarskynlike oorsake wees. Dit is bekend dat Potgieter ná die oortog oor die Oranjerivier tot kommandant van sy groep Trekkers gekies is. Gesien Potgieter se latere optrede en sy gesteldheid op leierskap en gesien die eg demokratiese gees wat die meerderheid van die Trekkers besiel het, soos dit by die bestuursinrigting van 2 Desember 1836 tot openbaring gekom het, kon daar in die Potgieter-laer heel moontlik al verskil van mening oor die toekomstige bestuursinrigting gewees het tussen hom en ander invloedryke persone, soos die Liebenbergs. Tweedens kon daar moontlik op hierdie stadium al nie ooreenstemming oor die trekrigtings bereik word nie want dit is 'n bekende feit dat Potgieter, afgesien van sy afspraak met Louis Trichardt, wat hom op daardie tydstip êrens in die noorde van Transvaal bevind het, ook geen sin gehad het om na Natal toe te trek nie vanweë die aanwesigheid van Engelse handelaars aldaar. Potgieter wou die afstand tussen hom en die Engelse regering so groot as moontlik gehad het. Daarenteen was daar mense in sy geselskap wie se kop Natal toe gestaan het, o.a. Barend Liebenberg, Sarel Cilliers, e.a.; mense wat inderdaad by die Natalse trek van Retief en Maritz aangesluit het.

Indien bogenoemde die geval was, kan ook meteens verklaar word waarom die leiding van die Trekkergemeenskap op 2 Desember 1836 nie aan een persoon opgedra is, soos dit op 17 April 1837 aan Retief, bygestaan deur die Raad van Politie, opgedra is nie. Maritz en sy mense was definitief op pad na Natal. By Potgieter was mense wat Natal ook as hulle doelwit gestel het, terwyl Potgieter met 'n aantal volgelinge 'n ander rigting wou inslaan. Maritz sou seker op hoogte gewees het met Potgieter se bedoelinge deur die besoek van o.a. die Liebenbergs. Dit wil dan heeltemal natuurlik voorkom dat die Trekkers ná die Slag van Vegkop op 16 Oktober 1836 besef het dat hulle daar op die

Vrystaatse hoëveld geen verdeeldheid onder hulle geledere kon toelaat nie. Potgieter en sy mense het onder die allertreurigste omstandighede verkeer vanweë die ontsettende verliese aan vee,[96] en hulle het die hulp van die Maritz-geselskap dringend nodig gehad. Potgieter kon Maritz onmoontlik nie op hierdie stadium van hom vervreemd nie. Aan die ander kant sou Maritz blykbaar Potgieter se samewerking wou verseker om as 'n verenigde maatskappy na Natal toe te trek en sou hy en sy mede-Trekkers dit buitendien nooit oor hulle harte kon kry en met hulle christelike inbors kon vereenselwig het om vir Potgieter en die syne in so 'n hawelose en verarmde toestand aan die genade van die naturelle in die binneland oor te laat nie. Enige mens met gesonde verstand, en daarvan het die Trekkers genoeg gehad, het geweet dat geskille oor trekleierskap en trekrigtings op daardie oomblik fataal sou wees. Daar was belangriker werk om te doen. Die Matabeles moes gestraf word en 'n poging moes aangewend word om die gebuite vee weer terug te kry. Onder sulke omstandighede spreek dit vanself dat almal hulle uiterste bes sou doen om sake so vlot as moontlik te laat verloop en dat van enige besware afgesien sou word. Toe toestande meer stabiel geword het, het die besware egter hulle kop uitgesteek.

Deur die keuse wat deur die volk gedoen is, is dan aan Maritz sowel as aan Potgieter belangrike betrekkinge gegee. Maritz, wat vir die administratiewe werksaamhede veel beter as enigiemand anders toegerus was,[97] was voorsitter van die burgerraad, waarvan Potgieter een van die lede was. Daarbenewens is Potgieter tot leger-kommandant gekies,[98] 'n betrekking wat van die allergrootste belang was en wat die voorloper was van die latere betrekking van kommandant-generaal, die hoogste militêre betrekking in die toekomstige republieke. Ook by die benoeming van 'n militêre hoof het die Trekkers versigtig gehandel om nie te veel mag aan een persoon te verleen nie. Hoewel Potgieter die hoog-

---

[96] Potgieter en Theunissen: a.w., bll.65 e.v.

[97] Vgl. Thom: a.w., bl.108.

[98] Dagboek van Erasmus Smit, 2 Des. 1836 (Preller: Voortrekkermense II, bl.67).

ste gesag op kommando sou voer, sou hy al sy instruksies van die burgerraad ontvang want aan hulle was ook opgedra alle sake in verband met oorlog, en hulle was op hulle beurt weer aan die algemene volksvergadering verantwoordelik.[99] Potgieter se biograwe sê dat hy hier 'n ondergeskikte posisie ingeneem maar dat hy dit in 'n goeie gees aanvaar het.[100] Wat hulle blykbaar bedoel is dat sy posisie ondergeskik was aan dié van Maritz, wat teoreties tog nie die geval was nie want albei was lede van die burgerraad en albei was onderhewig aan die besluite van dié liggaam en van die algemene volksvergadering. Indien Potgieter aan Maritz ondergeskik was, kan met eweveel reg beweer word dat in krygsake Maritz aan Potgieter ondergeskik was. Feit is dat albei ampsdraers van die trekkende staat was en albei, die een as voorsitter van die burgerraad in al sy bevoegdhede, die ander as lid van dieselfde burgerraad en as krygsowerste, ondergeskik aan die volkstem, wat direk van die volksvergadering kon kom, of deur die burgerraad verteenwoordig kon word.

In die praktyk het sake egter 'n bietjie anders uitgewerk. As voorsitter van die burgerraad, wat ook met uitvoerende funksies belas was, het Maritz inderdaad die posisie van uitvoerende hoof verteenwoordig.[101] Dat hy tot hierdie posisie verkies is, wek geen verwondering nie en Potgieter is beslis geen oneer aangedoen toe hy nie tot die betrekking gekies is nie.[102] Die bewering van Potgieter se biograwe dat sy

> "kennis en ondervinding ... eenvoudig deur die meerderheid van stemme kragteloos gemaak (is),"[103]

---

99) Vgl. ook Wichmann: a.w., bll.11-12; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 (Historiese Studies, Des.1944, bl.191); Ibid.: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.5.

100) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.69.

101) Vgl. die presidentsamp in Switzerland, waar die president van die staat nie tot hierdie bepaalde amp verkies word nie, maar die lede van die uitvoerende liggaam agtereenvolgens jaarliks as voorsitter van die uitvoerende gesag optree en as sodanig die pligte, verbonde aan die staatshoofskap, uitoefen.

102) Vir 'n uiteensetting van Maritz se bekwaamhede en bevoegdhede, kyk Thom: a.w., bll.108-110; 115-119.

103) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.69.

kan beslis nie onderskryf word nie want die meeste lede van die burgerraad het aan die Potgieter-trek behoort.[104]

Behalwe voorsitter van die uitvoerende mag, 'n funksie wat in die latere republieke gedeeltelik deur die staatspresident verteenwoordig is,[105] was Maritz ook in die praktyk voorsitter van die volksraad en van die regterlike gesag. Hoewel hy in teorie geen selfstandige magte besit het nie, het hy in die praktyk onder die Trekkers 'n nog aansienliker en invloedryker persoon geword. Kragtens hierdie posisie van hom, was hy ook verplig om toesig te hou oor die doeltreffende uitoefening van die drie regeringsmagte.[106] Veral in uitvoerende hoedanigheid het Maritz baie sterker as staatshoof op die voorgrond getree as wat teoreties van hom verwag is, en dit ten spyte van geen bepaling in die neergelegde reëlings nie. Praktiese omstandighede het dit egter vereis. Thom stel dit kort en saaklik as volg:

> "Die uitvoerende mag het wel by die Raad as geheel berus, maar die Raad was nie altyd in sitting en het ook nie 'n gevestigde, permanente kantoor gehad nie, sodat dit as 'n kollege van uitvoerende bestuur nie baie doeltreffend was nie. In werklikheid sou die uitvoering van besluite eers en veral by die voorsitter berus het; hy was die gekose hoof van die bestuur en by ontstentenis van spesiale voorsiening vir die uitvoering van besluite, het almal vanselfsprekend veral na hom vir die uitvoering van wetgewing opgesien. Dit kan wees dat sekere lede van die Raad spesiaal vir die uitvoering van sekere besluite verantwoordelik gestel is, maar ons kry geen aanduiding hiervan nie en dit is twyfelagtig of daar so 'n gebruik was. Maar al sou dit ook die geval gewees het, dan het dit Maritz as voorsitter nog maar van 'n deel van sy verantwoordelikheid onthef, want gekommitteerde lede sou aan die Raad verslag moes doen, en die voorsitter, wat in die eerste instansie deur die volk verantwoordelik gehou is, sou 'n wakkere toesig moes hou. Maritz was dus geroepe om in verband met uitvoering, waarskynlik nog meer as in verband met wetgewing, in belang van die volk op te tree."[107]

---

104) Kyk bl.8, voetnoot 26 van hierdie hoofstuk.

105) Ons sê gedeeltelik omdat die staatspresident ook ander funksies gehad het.

106) Thom: a.w., bl.110.

107) Ibid.,bl.111. Kyk ook ibid.,bll.119-120.

Hoewel daar dus geen melding van 'n staatshoof gemaak word nie, is dit duidelik dat Maritz die betrekking verteenwoordig het en vir alle praktiese doeleindes as sodanig sou opgetree het. Veel is nie deur Maritz tot stand gebring nie. Vanweë verskille onder die Trekkers is daar uitgesien na die koms van Piet Retief, wat enkele maande later by die Trekkers op die hoëveld sou aankom en byna onmiddellik tot hoogste gesagvoerder uitgeroep sou word.

4. Die bestuursreëling aan Vetrivier, 17 April 1837. Die Trekkers kry 'n Goewerneur.

Maritz het, soos dit 'n staatshoof betaam, saam met een van die lede van die burgerraad op 8 April 1837 vir Retief tegemoet gery om hom te verwelkom, maar ook om Retief in te lig omtrent die planne wat die Trekkers reeds gehad het, naamlik om aan Retief die hoogste gesagvoerdersamp op te dra.[108)] Die feit dat vooraf besluit is om Retief in hierdie hoogs verantwoordelike betrekking te stel, kan daaraan toegeskryf word dat Retief 'n uiters aansienlike en invloedryke persoon was, 'n gebore leier, 'n ouer en meer ervare man as Maritz of Potgieter, 'n man na wie se koms die Trekkers met verlange uitgesien het.[109)] Die Trekkers het ook gehoop dat die aankoms en teenwoordigheid van Retief 'n einde sou bring aan al die moeilikhede wat uit die onenigheid tussen Maritz en Potgieter voortgespruit het.

Aangesien die Thaba Nchuse bestuur so goed as buite funksie was, en die meerderheid van die Trekkers die samestelling van 'n nuwe bestuur begeer het, het daar na die aankoms van Retief onder die Trekkers, wat ondertussen ter wille van weiveld vir hulle vee, ens., na die omgewing van die Vetrivier verskuif het, nie veel tyd verloop, toe in die laer van Maritz, onder sy voorsitterskap, 'n verteenwoordigende vergadering van

---

108) Thom: a.w., bl.144. Thom toon duidelik aan dat Wichmann se bewering (a.w., bl.12) dat Maritz dit gedoen het om Retief aan sy kant teen Potgieter te skaar, nie sonder meer aanvaar kan word nie. Kyk ook Thom: t.a.p., bl.144, voetnoot 4. Wichmann se bewering word ook deur Van Heerden as 'n moontlikheid beskou (Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 - Historiese Studies, Des.1944, bl.212, voetnoot 6).

109) Vgl. Thom: a.w., bll.141-142; Potgieter en Theunissen: a.w., bl.76. In verband met Retief se bedrywighede in die Kolonie, kyk Franken: a.w.

die Trekkergemeenskap op 17 April 1837 plaasgevind het. Op hierdie vergadering was die lede van die Maritz- en Retief-geselskap in die meerderheid.[110)]

Van die verrigtinge van hierdie vergadering bestaan daar enkele mededelinge, o.a. dié van Erasmus Smit[111)] en dié in die herinneringe van D.P.Bezuidenhout.[112)] Al wat Smit mee te deel het, is die volgende:

> "De twee broeders P(iet) en F(rancois) Retief reden heden morgen met verscheiden andere naar 't leger van de heer G.Maritz, alwaar 'n algemene volksvergadering stond gehouden te worden. Besloten: De Ed. heer P.Retief wordt Goeverneur; de Ed. heer G.M.Maritz blijft in zyn post als Magistraat; en de Kerk zal nu Zondag aanstaande ook worden vastgesteld."

Op dieselfde dag is ook 'n Raad van Politie, die voortsetting van die burgerraad van 2 Desember 1836, gekies.[113)] Die nuwe raad het bestaan uit al die ou lede, behalwe Hendrik Potgieter en Daniel Kruger, wie se plekke ingeneem is deur Evert Potgieter en M.Oosthuizen.[114)] Oor die feit dat Potgieter nie in aanmerking geneem en in die bestuur opgeneem is nie, is heelwat gegis en het dit tot verskeie verklaringe aanleiding gegee. Die aanneemlikste verklaring skyn te wees die verskil in mening wat daar op daardie stadium in verband met die trekrigtings bestaan het, naamlik of die Trek na Natal toe sou gaan soos Retief en Maritz dit wou, en of dit verder noordwaarts sou beweeg soos Potgieter se voorstel was.[115)] Dit wil dus as baie moontlik voorkom dat Potgieter homself nie verkiesbaar gestel het nie omdat hy in sy beweginge en beslissinge

---

110) Vgl. Thom: a.w., bl.145; Potgieter en Theunissen: a.w., bl.76.

111) Dagboek van Erasmus Smit , 17 April 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bll.93 en 94). Mens sou verwag dat 'n man soos Erasmus Smit van so 'n belangrike gebeurtenis uitvoeringe aantekening sou gemaak het .

112) Preller: Voortrekkermense III, bl.149. Vgl. ook verslag van die vergadering by J.C.Chase: The Natal Papers I, Grahamstad, 1843, bl.87.

113) Thom: a.w.,bl.146.

114) Preller: Voortrekkermense I, bylaag II, bl.298.

115) Vgl. Potgieter en Theunissen: a.w.,bll.76-77. S.P. Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, bl.13, en Staatkundige Strominge in Transvaal in die jare 1836-1857 (Hervormde Teologiese Studies, 4de jrg., afl.2 & 3, bl.119); Vgl. ook i.v.m. die twee koerse D.W.Krüger: Die Weg na die See (Argief-jaarboek vir S.A.Geskiedenis, jrg.1, deel 1, 1938, bll.61-62).

vry wou bly.[116] Potgieter sou later ingestem het om ook eers na Natal toe te trek.[117]

Dit is duidelik dat Potgieter en sy volgelinge op 17 April 1837 al klaar besluit gehad het om hulle eie koers te gaan want op Maandag, 8 Mei, drie weke na die vergadering gehou is, teken Smit in sy dagverhaal aan:

> "In de namiddag vertrok 't leger der Potgieters in hun weg, die zy voor zich verkozen te reizen."[118]

Onder sy eie mense het Potgieter aanvanklik weer as kommandant en enigste gesagvoerder opgetree.[119]

In die Vetrivierse bestuursreëling het daar 'n uiters belangrike verandering ten opsigte van <u>staatshoofskap</u> ingetree.[120] Preller verkeer egter onder 'n misverstand as hy verklaar dat Retief gekies is as goewerneur of president,

> "wat Maritz onder die Potgieter-reëling was."[121]

Gedeeltelik is hierdie stelling waar, maar net in soverre as wat Maritz van sy funksies as hoof van die uitvoerende gesag afstand moes doen. As hoof van die wetgewende en regterlike gesag het Maritz se funksies presies dieselfde gebly.[122] Die pos wat Retief as goewerneur beklee het, was geen voortsetting van die amp wat Maritz onder die vorige bestuur beklee het nie, maar dit is duidelik dat Retief se goewerneurskap heeltemal 'n nuwe amp was. Preller noem hierdie byeenkoms van 17 April

> "een van die gewigtigste keerpunte in die geskiedenis van die Afrikanernasie."[123]

Te midde van onenigheid en bedreig deur gemeenskaplike gevare, het die Trekkers 'n <u>voorman</u> nodig gehad

> "om hulle te verenig en hulle gemeenskaplike belange te bestuur - en in Retief het hulle die man gesien en erken."

---

116) Vgl. Potgieter en Theunissen: a.w., bll.76-77; Van der Walt: <u>Die Groot Trek tot 1838</u> (<u>Geskiedenis van Suid-Afrika I</u>. Kaapstad, 1951, bll.61-62).

117) Van der Walt: ibid., bl.292.

118) Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.96.

119) Van der Walt: <u>Die Groot Trek tot 1838</u> (<u>Geskiedenis van S.A. I</u>, bl.291).

120) T.o.v. die wetgewende en regterlike funksies van die nuwe bestuur het geen verandering gekom nie.

121) Preller: <u>Voortrekkermense I</u>, bl.299.

122) Kyk Thom: a.w., bll.147-149.

123) Preller: <u>Piet Retief</u>, bl.108.

Hy was 'n man met groot invloed onder diegene wat saam met hom getrek het sowel as onder diegene wat op die Vrystaatse vlaktes reikhalsend na sy koms uitgesien en hom verwelkom het deur die goewerneurskap aan hom op te dra.[124)]

Piet Retief het nog voordat hy met dié amp vereer is, getoon dat hy 'n man is aan wie so 'n amp met die grootste vrymoedigheid opgedra kon word. Retief was in die eerste plek nie 'n man met 'n aanhang soos Maritz of Potgieter nie; hy is uit die Kaapkolonie gevolg deur mense wat nie in een of ander betrekking tot hom gestaan het nie, maar wat in sy leierskap vertroue gehad het. In hom het hulle 'n ware volksman gesien.[125)] Retief se eienskappe as voorman het ook dadelik ná sy aankoms by die Trekkers in Transoranje voor die dag getree toe hy hom beywer het vir die oplossing van al die moeilikhede, en toe hy die Trekkers die noodsaaklikheid van 'n definitiewe beleid teenoor die inboorlinge wou laat besef. Die resultaat van dit alles was die verkiesing van Retief as goewerneur, -

> "in werklikheid die eerste - en ook die enigste - President oor die gesamentlike Boere-Emigrante."[126)]

Ook regter J.B.M.Hertzog het Retief beskou as eintlik die eerste staatspresident van die Boere benoorde die Oranje.[127)] Gey van Pittius onderskryf ook hierdie stelling as hy verklaar:

> ".... by baie van die poste was die funksie by die Boere nie dieselfde as wat hulle aan die Kaap was nie. Piet Retief is byvoorbeeld in 1837 tot

---

124) Ibid.,bll.108-110.

125) Vgl. E.A.Walker: A History of South Africa. London, 1935, bl.211, waar hy Retief noem: "by far the ablest and most statesmanlike of the Voortrekkers." Kyk ook Wichmann: a.w., bl.13.

126) Preller: Piet Retief, bll.109-110. Preller gebruik die naam president nie hier in die betekenis van voorsitter, soos vroeër die geval met Maritz was nie, maar as benaming van 'n amp, soos dié wat later deur die staatspresidente van die republieke beklee is.

127) Vgl. regter Hertzog se artikel in die Jahrbuch der Internationalen Vereinigung für vergleichende Rechtswissenschaft und Volkswirtschaftslehre, Berlyn, 1897, soos aangehaal deur H.P.N.Muller: Oude Tyden in den Oranje Vrystaat, Leiden, 1907, bl.7.

> 'goewerneur' gekies - dit was die benaming waaraan hulle in Kaapland gewoond was. Maar, wat hier bedoel is, is eintlik 'president.'"[128]

Ander skrywers sê dieselfde, hoewel hulle nie altyd die woord president gebruik nie. Volgens ŉ brief wat uit Thaba Nchu ontvang is, is Retief eenparig deur die Trekkers verkies as hulle

> "head, and some subordinate officers have been appointed under him."[129]

Wichmann verklaar dat die goewerneur

> "die hoogste uitvoerende amptenaar van die Trekkergemeenskap (was)."[130]

Thom beskryf Retief se amp as

> "die hoogste betrekking in die Voortrekkerregering ... (wat) in werklikheid niks anders as die van ŉ president van ŉ republiek (was) nie."[131]

Retief het nie na hierdie betrekking gesoek nie en in sy toespraak wat hy ná sy verkiesing gehou het, het hy sy besware geopper. Dit het egter geen uitwerking op die vergaderde Trekkergemeenskap gehad nie, waarop hy te kenne gegee het dat hy dan aan die roepstem gehoor sal gee omdat hy daarin die hand van God sien. Hy was terdeë bewus van die groot verantwoordelikhede wat hy op sy skouers neem en het in geen onsekere taal aan die volk verduidelik wat sy toekomstige houding en optrede sou inhou nie.[132]

Oor die benaming van Retief se amp, naamlik goewerneur, bestaan daar geen twyfel nie, hoewel dit onder die Voortrekkers bietjie vreemd klink. Die benaming was die resultaat van hulle kennis van die in-

---

128) E.F.W.Gey van Pittius: Staatsopvattings van die Voortrekkers en die Boere, Pretoria, 1941, bll. 11-12 en 25.

129) Vertaalde aanhaling van ŉ brief in die redaksionele kolom van The Graham's Town Journal, 1 Junie 1837.

130) Wichmann: a.w., bl.13.

131) Thom: a.w., bll.146-147. Kyk ook A.J.du Plessis: a.w., bl.162.

132) Vir volledige besonderhede kyk Preller: Piet Retief, bl.97; Thom: a.w.,bl.146; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 (Historiese Studies, Des. 1944, bll.218-219); Chase: The Natal Papers I, bl.87; Harris: Wild Sports of Southern Africa, London, 1844, bl.299. Walker beweer in The Great Trek op bl.135, dat Retief, "or was it the managing Maritz, had induced the mass meeting to give him both offices of Governor and Head Commandant." Hy noem die optrede van Retief "a grave mistake." In die lig van bogenoemde gegewens, kan die stelling van Walker nie aanvaar word nie.

stellinge van die Kaapkolonie, waar aan die hoof van die regering 'n goewerneur gestaan het.[133)]

Die verkiesing van Retief as goewerneur is gevolg deur die plegtige aflegging van die ampseed as sodanig, onder heel indrukwekkende omstandighede. Dit het ongeveer sewe weke na sy verkiesing geskied op Dinsdag 6 Mei 1837 -

> "'n zeer plechtige eeddag van de Goeverneur en de andere ambtenaren, en van al 't volk dezes verenigde legers." [134)]

Erasmus Smit beskryf die byeenkoms as volg in treffende woorde:

> "Om negen uur in de morgen werd de kerkklok in 't leger geluid, om de volkschaar van 't leger by de veldtent van de WelEd. heer Goeverneur byeen te roepen. Nadat omtrent 140 mannen, in 'n diepe stilte, plechtig en eerbiedig byeenvergaderd waren voor de tent onder de blote hemel, trad ZEksellentie, met de léraar van de Godsdienst en de heer J.Scholtz als lezer, in 't midden van de toegevloeide schaar, en 't werk werd begonnen. ZEks. ontdekte 't hoofd; en werd daarin door allen gevolgd. Hy deed aan de gemeente des gansen volks, als de door hunne stem verkozen Goeverneur en Opperbevelhebber[135)] van 't algemene leger, 'n kort inleidende aanspraak, betrekkelik 't oogmerk van deze plechtige algemene volksvergadering. Daarna verzocht ZEks. aan de léraar van de godsdienst, de Wel Eerw. heer E. Smit, om door 'n gebed tot God de zegen en de vrede over 't plechtige werk van deze dag af te bidden: zoals ook, op treffende wyze door ZEerw. knielend gedaan werd."[136)]

Nadat die

> "uit 's volks naam gemaakte en ingeleverde resolutie van 9 artikelen"[137)]

deur die sekretaris, J.Scholtz, aan die vergadering

---

133) Vgl. Thom: a.w., bl.147; Gey van Pittius: a.w., bll.11-12. Dit was net Piet Retief wat hierdie amp beklee het. Na sy dood is die pos nie weer opgevul nie.

134) Dagboek van Erasmus Smit, 6 Mei 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.100).

135) Kyk hierna, bl. 49.

136) Dagboek van Erasmus Smit, 6 Mei 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.101). Dit is eienaardig dat Maritz as voorsitter van die wetgewende liggaam nie die leiding geneem het nie. Andersins herinner die verrigtinge, wat vorm en die christelike karakter daarvan betref, baie aan die inweringsplegtighede van die staatspresidente van die latere republieke (kyk hoofstuk VI, paragraaf 3 van hierdie werk).

137) R.10/37 (Voortrekker-argiefstukke, bll.14-16); ook Preller: Voortrekkermense I, bylaag 2.

voorgelees en dit na enige bespreking met 'n paar klein wysiginge aanvaar is, terwyl ook op 'n paslike naam besluit is vir die land waarheen die Trekkers voornemens was om hulle te begeef,[138] is tot die inswering van Retief en die ander ampsdraers oorgegaan. Die verskillende ampsede, te wete dié vir die Goewerneur, dié vir Maritz as President Rechter van de Raad van Policie (sic!) en vir die ander lede van genoemde raad, dié vir Smit as léraar der Gereformeerde Kerk, dié vir die vrederegters,[139] en dié vir die hele volk, is ook op hierdie vergadering opgestel en geformuleer. In die vervulling van die taak het Erasmus Smit belangrike hulp aan Scholtz verleen.[140] Daarna is alle belanghebbendes versoek om hulle onderskeie ede af te lê.

Vooraf is ook bepaal dat die Goewerneur sy eed moes aflê voor die president van die Raad van Politie, m.a.w. voor die voorsitter van die Volksraad,[141] terwyl al die ander, ook die lede van die raad, dit voor die Goewerneur sou doen.[142]

Daarna het Retief na vore getree en voor Maritz die volgende eed afgelê:

> "Ik, Piet Retief, door den volkstem gekozen tot hun Gouverneur en Opperhoofd[143] der Algemeen Vereenigd Leger, zweer plechtig voor God Almagtig, dezen Volkschaar te zullen regeeren tot hun algemeen nut en tot Gods eer, in zo verre als myn ambt als Gouverneur zal vorderen, om regt en geregtigheid te handhaven."[144]

---

138) Dagboek van Erasmus Smit, 6 Mei 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.102). Ook Thom: a.w., bll. 151-153; Preller: Piet Retief, bll.106-107.

139) Tot op hierdie datum was daar alreeds drie vrederegters aangewys, wie se taak dit sou wees om klein geskille, wat mag voorkom, uit die weg te ruim.

140) Dagboek van Erasmus Smit (kyk voetnoot 138).

141) Thom (a.w.,bl.191) meen dat die eed deur Maritz afgeneem is in sy hoedanigheid as hoof van die regspraak.

142) Dagboek van Erasmus Smit, 6 Mei 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bll.102-103). Vgl. die afneem van die ampseed van die latere staatspresidente deur die voorsitter van die Volksraad. Kyk hoofstuk VI, paragraaf 3 van hierdie werk.

143) Kyk hierna, bl. 49.

144) Aangehaal deur Thom: t.a.p.,bl.153. Kyk ook ibid., bl.154, voetnoot 21.

Daarna het Erasmus Smit die Overheden toegespreek na aanleiding van 2 Kronieke 19, vss.6 en 7, 'n dankgebed gedoen, laat sing uit Gesang 69 en die seën uitgespreek uit Numeri 6, vss. 24-26. Dieselfde aand is op uitnodiging van Retief en andere deur Smit 'n dankseggingsdiens gehou, by welke geleentheid hy gespreek het na aanleiding van Nehemia 9, vs.33; 10, vs.29, en getrag het om

> "deze woorden, naar de plaatsgehadhebbende omstandigheden van deze gedenkwaardige heilige ededag, op de gemoederen zyner toehoorders toepasselik te maken."[145]

Nadat Erasmus Smit oor die afgelegde goewerneurseed nagedink het, het hy tot die slotsom gekom dat deur die haastige formulering van die eed 'n baie belangrike punt weggelaat is. Derhalwe het hy die Goewerneur genader met die versoek om op die eerskomende Sondag, ná die predikasie, 'n aanvullende eed in die kerktent te kom aflê, wat gebaseer sou wees op artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierdie eed is deur Smit geformuleer en deur Scholtz in klad neergeskrywe

> "om hetzelve na de beëediging in de gedane eed van de Goeverneur in te voegen."

Daarop het Retief 'n bekendmaking aan die nabyliggende laers onderteken dat eerw. Smit die eerskomende Sondag 'n

> "nadere eedsbevestigings- of Godsdienstige inwydings-predikatie"

sou hou, waarheen almal vriendelik uitgenooi word.[146]

---

145) Dagboek van Erasmus Smit, 6 Mei 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.103).

146) Ibid., bll.103-104. Dit is nie duidelik of die Raad van Politie of die volk die eed op een of ander stadium voor of na die aflegging daarvan goedgekeur het as 'n deel van die amptelike eed van die Goewerneur nie. Die feit dat Smit vir die opstel en afneem van die eed verantwoordelik was, met toestemming van Retief, wek die indruk dat dit 'n eed was wat slegs van die kant van die kerk van hom gevorder is, maar die mededeling van Smit dat Scholtz, die sekretaris van die Raad van Politie, die bewoording van die eed by die van die alreeds afgelegde eed sou invoeg, verleen weer 'n amptelike kleur daaraan en wek die indruk dat dit op een of ander tyd voor die raad sou gelê moes word. In elk geval sou dit seker nie teen die sin en wil van die volk gewees het nie.

Op Sondag, 11 Junie 1837, het Smit, nadat hy 'n gepaste rede gehou en aan die gemeente die redes verduidelik het waarom hy hom gedronge gevoel het tot

"deze godsdienstige kerkplechtige Inwyding des verkorenen Goeverneurs ...; om namelik, onder andere, ook onder ons (die allen lidmaten der onderscheidene dorpen binnen de Kolonie waren) de Hervormde Gereformeerde Nederduitse Geloofsbelydenis, tegen inbreuk van vervalsing, naar het voorbeeld onzer voorvaderen te helpen voortplanten en als 'n schat der waarheid by ons te bewaren."

Daarna het hy Retief uitgenooi om die eed te kom aflê. Gekniel op 'n kussing voor Smit, met sy linkerhand op die geopende Bybel op die plek waar die Heidelbergse Kategismus begin, en met opgehewe vingers van sy regterhand, solank die voorlesing van die eed duur, het hy die volgende aanvullende eed afgelê:

"Ik Pieter Retief, door de volkstem wettig gekozen tot hun Goeverneur en Opperhoofd[147] des Algemenen Verenigden Legers, zwere tans mede plechtig voor God Almachtig, dat ik, als de door het volk verkoren goeverneur (en al de Goeverneuren in der tyd, die na my deze verenigde maatschappy zullen komen te regeren), de Christelike Geloofsbelydenis, naar de inhoud van artikel 36, met de aankleving van dezelve, de katechismus en de Liturgiëen, der Nederduitse Gereformeerde Kerk zal protekteren en beschermen; en dat ik in myn Goevernement geen Beambte zal toelaten in de Kerkelike en Burgerlike Regering, als die lidmaten zyn der voormelde Gereformeerde Kerk en van hunne goede getuigschriften voorzien zyn.
Daartoe helpe my God Almachtig.
(Get.) P.Retief, Gouverneur, enz.
In de gemeente bezworen, 11 Juni, 1837.
(Get.) E.Smit, Leraar."

Met die geopende Bybel oor Retief se hoof, het Smit nog 'n toepaslike woord tot die Goewerneur gerig, waarna hy sy hande oor Retief se hoof uitgebrei en die volgende woorde namens homself en die gemeente gespreek het:

"Lang leve de Goeverneur en Opperbevelhebber van ons Verenigd Leger. God schenke Zyn WelEd. de President en al de leden van de Achtbare Raad in alle opzichten de Geest der wysheid. De Heer sterke ZHEd. en al de Edelen van de Raad in al hun gewichtige ambtsverrigtingen. Hy stelle ons Goeverneur als 'n Mozes over ons leger; en de Rechters als Ehuds, Gideons en Samuels. Uw Hoog Ed. en al de Ed. Richteren! ziet dan toe, wat gy doet; want gy houdt niet 't gericht den mensen, maar den Heer. Nu dan, de verschrikking des Heren zy op ulieden. Neemt dan Uw Ed. ambten waar, en doet 't;

---

147) Kyk hierna, bl.49

> want by de Heer onze God is geen onrecht, noch aanneming van personen, noch ontvanging van geschenken; maar rechtvaardig en goed is Hy; en de Heer zal met de goede en oprechten zyn. De Hemelse Jehova leide Uw Hoog Ed. en ons allen naar Zyn alleen goede, heilige en wyze raad; en waar en wanneer wy die zullen hebben uitgediend, neme Hy Uw Hoog Ed. en al de uwen, en ons en al de onzen, uit genade op in Zyn eeuwige zaligheid en werklikheid, om Jezus Christus Zyns lieven Zoons wille. 't Zy zo. 't Worde zo. Amen, ja amen."[148)]

In hierdie Voortrekkerbestuur het Retief inderdaad dieselfde posisie beklee as die latere staatspresidente in die republieke.[149)] 'n Ontleding van sy funksies en sy verdere optrede bewys dit terdeë.

Die ampseed wat Retief op 6 Junie afgelê het, bepaal dat hy as goewerneur oor die Trekkergemeenskap sou regeer tot hulle algemene beswil en tot eer van God

> "in zooverre als myn ambt als Gouverneur zal vorderen, om regt en geregtigheid te handhaven."

Aangesien nêrens enige omskrywing van die ampspligte van hierdie hoogste uitvoerende amptenaar gevind kan word nie en daar blykbaar ook geen sodanige omskrywing plaasgevind het nie, skyn dit uit hierdie ampseed asof Retief self sou moes besluit binne welke perke hy sou kon optree. Dit was egter nie die geval nie omdat hy, kragtens die bestuursreëling van 2 Desember 1836, gebonde was aan die besluite van 'n volksvergadering sowel as aan die besluite van die Raad van Politie, wat die verteenwoordigers van die volk en aan die volk verantwoordelik was. Konstitusioneel, indien hier van 'n konstitusie gespreek kan word, het Retief onder die bestuursreëling presies dieselfde uitvoerende bevoegdhede besit as die staatspresidente van die Z.A.R. en die O.V.S., met net die verskil dat die pligte, magte en bevoegdhede van die staatspresidente duidelik in die onderskeie grondwette en ander wette afgebaken is.[150)]

---

148) Dagboek van Erasmus Smit, 11 Junie 1837 (Preller: (Voortrekkermense II, bll.105-109) en Preller: Piet Retief, bll.107-108. Albei die ede en die aanspraak van Smit herinner baie sterk aan die inswering van die staatspresidente. Kyk hoofstuk VI, paragraaf 3 van hierdie werk.

149) Kyk ook hierbo, bll.34-35. Retief was nie wat G.D. Scholtz noem: "die sogenaamde goewerneur ...,wat eenvoudig as voorsitter van die Volksraad ageer het ...." (Die Konstitusie en Staatsinstellinge van die O.V.S., Amsterdam, 1937, bll.20-21).

150) Kyk veral hoofstukke VII-X van hierdie werk.

Hoewel sy pligte nie duidelik omskryf was nie, het Retief, wat homself geroepe gevoel het tot die allerbelangrikste taak van staatshoof, dwarsdeur sy hele optrede getoon dat hy ŉ baie suiwer besef gehad het van wat van hom verwag is. Een van sy eerste werksaamhede was om orde en reëlmaat in die Trekkergeledere te bewerkstellig. As christen-volksman het hy gevoel dat daar vir die geestelike welsyn van sy volk gesorg moes word en by onstentenis van ŉ predikant, het hy eerw. Smit as predikant van die Voortrekkers aangestel,[151] terwyl Smit as leraar, sy ampseed op 6 Junie 1837 voor die Goewerneur afgelê het.[152] Hy het ook spoedig aan die burgerlike orde aandag geskenk deur die uitvaardiging op 21 Junie 1837 van sy Instruksies aan kommandante.[153]

Die aflegging van die ede deur amptenare sowel as deur die volk, waarvoor op 6 Junie 1837 voorsiening gemaak is, naamlik dat behalwe in die geval van die Goewerneur self, wat die eed voor die voorsitter van die Raad van Politie moes aflê, al die ander dit voor die Goewerneur moes doen, was ŉ saak wat vir Maritz nie aangestaan het nie. Hoewel hy hom nie daaroor uitgespreek het voor hulle eers in Natal aangekom het nie, was die hele situasie vir hom pynlik. Op 1 Februarie 1838 het hy aan sy opgekropte gevoelens uiting gegee toe hy ŉ skriftelike openbare verklaring gedoen het aan

> "alle de Heeren en Vrienden thans op reis naar Port Natal."

Hy verklaar onder andere:

> "Ik achte het myn pligt te zyn, Uliden indachtig te maken, en u allen te raden geen Eeden meer af te leggen die de heer P.Retief van uliden wil afvorderen, want het is niet de plicht van hem maar wel van den Regter om iemand den Eed af te nemen. De Eed welke gemelde Heer Retief de

---

151) Dagboek van Erasmus Smit, 21 Mei 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.98). Die aanstelling van Smit was een van die faktore wat bygedra het tot die verwydering tussen Retief en Maritz. Kyk Thom: a.w., bll.185-190.

152) Dagboek van Erasmus Smit, 6 Junie 1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.101).

153) Chase: a.w.I, bll.116-117; Preller: Piet Retief, bll.375-377.

menschen aan de Vetrivier afgenomen heeft is een onbehoorlyken Eed."[154]

Die optrede van Maritz en die gevoel van veronregting wat by hom gewek is, sowel as sy beskouing dat Retief se handelswyse onkonstitusioneel was, het ongetwyfeld voortgespruit uit die afwesigheid van 'n grondwet waarin elkeen se pligte en bevoegdhede behoorlik afgebaken was. Op hierdie tydstip kon daar van sodanige afbakening egter geen sprake wees nie want die Trekkers het nog nie die plek bereik waar hulle hulle sou vestig nie, en die opstel van 'n definitiewe grondwet kon alleen in 'n gevestigde gemeenskap plaasvind.

Maritz was oortuig dat Retief die grense van sy bevoegdhede oorskry het en dat dié bevoegdheid eintlik by hom, as hoof van die regterlike gesag, tuisgehoort het. Derhalwe het hyself daartoe oorgegaan om mense hulle ede voor hom te laat aflê.[155] Maritz se standpunt kan nie sonder meer onderskryf word nie. Thom wys daarop dat die handelswyse van Retief in dié opsig nie verkeerd was nie, en dat Retief, weens die afwesigheid van enige bepalings waarin sy bevoegdhede omskrywe word, dit beslis as behorende tot sy bevoegdheid beskou het omdat die afneem van ede op 6 Junie 1837 deur hom blykbaar die goedkeuring van die hele volk weggedra het aangesien geeneen daarteen enige besware ingebring het nie. Maritz, wat self op die vergadering teenwoordig was en wat self, as voorsitter van die <u>Raad van Politie</u>, sy eed voor Retief afgelê het, het ewe-eens geen beswaar teen die reëling gemaak nie. Daarom is dit vanselfsprekend dat Retief met die afneem van ede sou voortgaan. Thom meen verder dat die feit dat Maritz vroeër geen beswaar gemaak het nie, daaraan toegeskryf moet word dat Maritz 'n man was wat versigtigheid en insig aan die dag

---

154) Aangehaal uit <u>Ons Tijdschrift</u>, 1898-1899, afl. 1-3, bl.118 deur Thom: a.w., bl.191. Kyk ook ibid.,bll.190-192. Dit is nie duidelik of Maritz hier van al die ede wat deur Retief afgeneem is, spreek nie en of hy slegs die eed wat deur die volk afgelê moes word, op die oog gehad het nie. Na 6 Junie het Retief seker telkens, as nuwe aankomelinge hulle by die Trekkers aangesluit het, hulle die eed afgeneem kragtens art. 9 van die Resolusies wat deur die raad ontwerp en op 6 Junie 1837 deur die volksvergadering goedgekeur is (kyk hierbo bl.36 en voetnoot 137).

155) Thom: a.w.,bl.191.

gelê het

> "in soverre dit in ooreenstemming met die gewone gebruik is dat 'n eed by voorkeur deur 'n regterlike beampte afgeneem word."[156)]

Hierdie laaste bewering is wel ten dele waar, naamlik dat 'n eed gewoonlik deur 'n regterlike amptenaar afgeneem word. Dit was en is altans die geval in die praktyk maar wanneer 'n regterlike amptenaar 'n eed afneem, soos dié waarmee Retief te doen gehad het, doen hy dit nie kragtens sy regterlike bevoegdhede nie maar namens die uitvoerende gesag. Ons het in verband met hierdie ede met twee afsonderlike sake te doen. Die eed wat deur die onderskeie amptenare afgelê moes word, moes inderdaad voor die Goewerneur, as hoogste amptenaar van die Trekker-gemeenskap, geskied. In die latere republieke was die afneem van sodanige ampsede van amptenare altyd die verantwoordelikheid van die staatspresident. Omdat dit, weens die groot afstande en die uitbreiding van die amptenaarskorps, vir die staatspresident 'n onmoontlike taak geword het om al die ede self af te neem, is hierdie bevoegdheid geleidelik aan ondergeskikte amptenare, gewoonlik landdroste, gedelegeer, maar altyd behoudens hulle verantwoordelikheid aan die hoogste uitvoerende amptenaar.[157)] Teen die aflegging van ede deur amptenare voor Retief kon Maritz dus geen beswaar hê nie. Daar was geen hindernis in die weg wat Retief kon belet om hierdie ampsede af te neem nie want die amptenare was min in getal en buitendien was Retief altyd ter plaatse omdat die Trekkergemeenskap nie so wyd versprei was nie. Buitendien het Retief se staatshoofskap meegebring dat hy altyd min of meer in voeling met al die verskillende afdelings van die Trek was. In dié opsig het Retief dus binne die perke van sy bevoegdhede opgetree.

Die eed wat van die volk geverg is op die vergaderinge van 2 Desember 1836 en 6 Mei 1837, en wat deur die Resolusies vereis is van diegene wat nie op laasgenoemde vergadering teenwoordig was nie, naamlik

---

156) Ibid., bl.192.

157) Vgl. bv. Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.80 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.45).

dat hulle die volgende dag teenwoordig moes wees om dit af te lê,[158] sowel as van diegene wat met verloop van tyd nog by die verenigde Trekkergemeenskap sou aansluit,[159] kan vergelyk word met die proses van naturalisasie of die verlening van burgerreg in enige gevestigde samelewing. Artikels 3,4,6 en 8 van die Resolusie gee baie duidelik te kenne dat elke persoon wat die eed nie wou aflê en hom aan die Resolusie wou onderwerp nie, nie gereken sou word as behorende tot die verenigde Trekkergemeenskap en nie in die voordele van die land waarheen hulle sou trek, sou kon deel nie, m.a.w. hulle sou nie as burgers van die verenigde Trekkergemeenskap beskou word nie, maar as ongenaturaliseerde vreemdelinge. Elkeen wat burgerskap wou verwerf, moes die volgende voorgeskrewe eed aflê:

> "Wy Reizigers van dit Vereenigde Leger zweren thans plechtig voor God Almagtig, dat wy den WelEd. Hr. P.Retief als onzen wettigen Gouverneur en Opperbevelhebber hebben gekozen, om Zyn Edele in deze Resolutie, bestaande uit 9 artikelen, en in alle in der tyd te maken wetten door zyn Edele en zyn Raad, te zullen eerbiedigen en gehoorzamen, alles naar regt en geregtigheid, volgens den inhoud van deze 9 bedoelde Artikelen."[160]

Retief het gemeen, en geensins ten onregte nie, dat die afneem van hierdie eed, as synde 'n verlening van burgerskap aan die emigrante, binne sy bevoegdheid geval het. Dieselfde redes waarom hy die ede van amptenare kon afneem, geld ook vir die afneem van die eed van die volk en individuele Trekkers wat die Trek ingehaal het en begerig was om daarby aan te sluit. Toe die latere republieke nog maar aan die beginstadium van hulle ontwikkeling was, was dit ook die staatspresident wat die eed van getrouheid van nuwe intrekkers moes afneem en aan hulle burgerskap moes verleen.[161]

---

158) R.10/37, art.5 (Voortrekker-argiefstukke, bl.15).

159) Ibid.,art.9 (ibid.,bl.16)

160) Net soos al die ander ede, kom die bewoording van hierdie een ook nie in amptelike stukke voor nie. Dit is egter gepubliseer in The South African Commercial Advertiser, 29 Julie 1837, wat dit ontvang het van 'n korrespondent wat vir die egtheid daarvan instaan. Vgl. ook Thom: a.w., bl.154 en voetnoot 21 op dieselfde bladsy.

161) Vgl. Konstitusie (O.V.S.), 1866, art.1(iii) (Scholtz: a.w., bylaag 2).

Eers later, met die uitbreiding van die staat en staatsmasjienerie, is dit aan regeringsamptenare, meer bepaald aan landdroste opgedra om die eed van getrouheid af te neem en 'n sertifikaat van burgerskap uit te reik. Dit het so 'n amptenaar dan gedoen namens die regering of uitvoerende gesag en nie kragtens sy regterlike funksie, in die geval van 'n landdros nie.[162]

Dit is dus duidelik dat Retief nie op die terrein van Maritz oortree het nie,maar dat Maritz 'n foutiewe besef van sy bevoegdhede gehad het en beslis op die terrein van Retief oortree het,toe hy op eie houtjie oorgegaan het om dergelike ede af te neem. Sy aanvanklike stilswye kan dus nie soseer as 'n daad wat van versigtigheid en insig getuig, beskou word nie, en sy uitbarsting op 1 Februarie 1838 kan nie geregverdig word nie. Retief het gedoen wat van hom,as hoogste uitvoerende amptenaar en as waker oor die belange van die volk, verwag is.

In nog 'n ander opsig het Retief getoon dat hy ware staatshoof was en dat hy 'n deeglike besef van sy pligte gehad het, naamlik in die buitelandse beleid wat hy gevoer het. In buitelandse sake was hy, as goewerneur, die verteenwoordiger van die hele Trekkergemeenskap. Hy het in naam van die Trekkersvolk opgetree en elkeen wat met die Trekkers wou onderhandel, moes hulle na Retief wend.[163] Van sy optrede na buite het daar gelukkig heelwat briewe bewaar gebly waaruit duidelik vasgestel kan word dat Retief, ná die inrigting van die bestuur, geen gras onder sy voete laat groei het om die buitelandse sake so gou as moontlik in orde te bring nie. Verskeie kwessies het sy onmiddellike aandag geniet en dit is deur middel van briefwisseling aangepak. Die politieke status van die Trekkergemeenskap, wat hulleself van alle Britse onderdaanskap ontdaan en as 'n vrye en onafhanklike volks-

---

162) Kyk bv. Wet 1/1876, art.1(d) (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.646); Wet 7/1882, art.1 (Ibid., bll.1131-1132); Wet 3/1899, art.1 (Ibid.,1899, bll. 11-13); Konstitusie (O.V.S.),1879, art.1D (Scholtz: a.w.,bylaag 3, bl.200); Wetboek van den Oranje-Vrystaat,1854-1891, Bloemfontein, 1892, bl.11.

163) Vgl. Thom: a.w., bl.147.

gemeenskap beskou het, moes bepaal word deur so gou as moontlik 'n onafhanklikheidserkenning van die Britse outoriteite te verkry.[164] Gevolglik is op 21 Julie 1837 'n brief in dier voege, onderteken deur Retief sowel as Maritz, aan die Kaapse Goewerneur, sir Benjamin D'Urban gerig.[165] 'n Naskrif by hierdie brief, in die handskrif van Retief,[166] meld dat Retief 'n afskrif van die brief afsonderlik aan D'Urban sou stuur ingeval die oorspronklike een dalk verlore gaan. Hierdie tweede brief is deur Retief alleen onderteken.[167]

Ook die naby wonenende Grikwa-hoofde is deur Retief van die voornemens en goeïe wil van die Trekkers in kennis gestel en verseker.[168]

Daarna moes gesorg word dat die Trekkergemeenskap 'n eie woonplek kry waar hulle hulle kon vestig en het Retief vir die doel sy oë op Natal gerig, waar hy o.a. met Dingaan in onderhandeling getree het.[169] In die proses van uitvoering van sy pligte as staatshoof, het hy egter onder tragiese omstandighede die lewe gelaat, maar nie voordat hy in sy voorgenome taak geslaag het, en, as laaste goewerneursdaad, sy volk van 'n eie land voorsien het nie.

---

164) Vgl. ibid., bl.155.

165) Hierdie brief is te vinde in die Kaapse Argief, Aanwins 86. 'n Faksimilee daarvan is gepubliseer in Preller: Voortrekkermense II, tussen bll.280 & 281.

166) Die brief self is nie in die handskrif van Retief of Maritz nie. Kyk Thom: a.w., bl.156, voetnoot 24.

167) Kaapse Argief: C.O.3994, Memorials Vol.3, M-R, 1837, no.181. 'n Engelse vertaling van die brief van Retief is ook te vinde by Chase: a.w.I, bll. 100-101. In die tweede brief, wat eiehandig deur Retief geskrywe is, het Retief belangrike aanvullings gedoen, sonder om vir Maritz in die saak te ken. Vir meer besonderhede, kyk Thom: t.a.p., bll.192-194 en 203.

168) 'n Vertaling van die brief het verskyn in The Graham's Town Journal, 26 Okt.1837. Dit is oorgeneem deur De Zuid-Afrikaan, 10 Nov.1837 en The South African Commercial Advertiser, 4 Nov.1837. Ook gepubliseer by Chase: a.w., bll.113-116.

169) Vgl. o.a. R.14/37: Retief aan Dingaan, 8 November 1837 (Voortrekker-argiefstukke, bll.21-24). In verband met die onderhandelinge, kyk Preller: Piet Retief, hoofstukke 13-21.

ꞌn Ander taak wat ook binne die raamwerk van Retief se bevoegdhede gelê het en waaraan hy uitvoering gegee het, was die sluiting van ooreenkomste met die onderskeie naturellehoofde, met wie die Trekkers noodgedwonge gedurig in aanraking gekom het. In hierdie onderhandelinge het staatshoof Retief ook die leiding gegee in wat die grondslae van die Voortrekkers se naturellebeleid geword het.[170)] Sy beleid was ꞌn billike, vredevolle, regverdige, maar nietemin strenge optrede teenoor die naturelle. Verskillende ooreenkomste van vrede en vriendskap is deur Retief met omliggende naturellehoofde gesluit, o.a. met Maroka, Towane, Sikonyela en Mos~~jes~~hesh.[171)] Sy laaste ooreenkoms was die met Dingaan.[172)]

Behalwe wat sy uitvoerende bevoegdhede betref, herinner Retief se posisie ook nog in ꞌn ander opsig aan dié van die staatspresidente van die Z.A.R. en O.V.S. As uitvoerende hoofamptenaar was Retief verplig om die besluite van die Raad van Politie uit te voer, net soos die staatspresidente verplig was om aan die besluite van die Volksraad uitvoering te gee. Tereg merk Thom op dat dit nie beteken het dat Retief

"ꞌn willose werktuig van die Raad was nie."

Retief was natuurlik self ꞌn lid van die raad, volgens Thom. Hoewel daar vir so ꞌn stelling geen bewyse is nie en dit nie sommer aanvaar kan word dat Retief wel ꞌn lid van die raad was nie, is dit vrywel seker dat hy as uitvoerende hoof in elk geval in die raad sitting sou gehad het, met die reg om voorstelle te maak in verband met maatreëls wat hy as noodsaaklik beskou het, en met die reg om aan die besprekings deel te neem.

---

170) I.v.m. die naturellebeleid van die Voortrekkers, kyk: J.A.I.Agar-Hamilton: The Native Policy of the Voortrekkers, Kaapstad, 1928; E.H.Brookes: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the present Day, 2de druk, Kaapstad, 1927; I.D. Bosman: Die (Naturelle-)Beleid van die Voortrekkers en van die Republieke (Geskiedenis van S.A.II, Boek IV, hoofstuk V).

171) Kyk Thom: a.w., bll.154-155; Preller: Piet Retief, bll.112-116.

172) I.v.m. hierdie ooreenkoms, kyk Preller, Cory, Blommaert: Die Retief-Dingaan-Ooreenkoms (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Kaapstad, 1924).

Dit is presies dieselfde bevoegdhede wat aan die staatspresidente in die republieke toegeken is. Net soos die staatspresidente belangrike invloed op die wetgewing van die republieke kon uitoefen, het Retief, veral vanweë die posisie wat hy onder die Trekkers beklee en die aansien wat hy geniet het,

> "in die praktyk waarskynlik ook die meeste invloed op die wetgewing van die Raad uitgeoefen,"[173)]

en kon hy inderdaad leiding gee.

In hierdie Voortrekker-bestuur is ook, hoewel nie definitief nie, maar dan tog by implikasie, voorsiening gemaak vir 'n plaasvervanger as Retief nie in sy uitvoerende hoedanigheid kon optree nie. Hierdie plaasvervanger sou dan onder gewone omstandighede Maritz wees.[174)] Uit die Instruksies wat Retief aan die kommandante uitgevaardig het,[175)] blyk dit baie duidelik. Artikel 5 van die Instruksies lui as volg:

> "Die kommandant sal, in buitengewone gevalle, hom tot die hoofkommandant[176)] wend, of, in sy afwesigheid tot die voorsitter van die Raad van Polisie, vir die doeleindes van raadpleging, of om instruksies te ontvang hoe te handel onder die omstandighede van die geval; nieteenstaande dit egter, is die kommandant gemagtig om enige stappe te neem waar die nood dit vereis, sonder om die hoofkommandant of die voorsitter van die Raad van Polisie te raadpleeg, onder die verstandhouding dat hy te alle tye verantwoordelik gehou word vir die stappe wat hy also neem." 177)

In artikel 12 lui dit:

> "Die kommandant sal, ná verloop van iedere maand, behoorlike rapport maak aan die Goewerneur, en in sy afwesigheid aan die voorsitter van die Raad van Polisie, van alle omstandighede wat mag voorkom in die uitvoering van sy pligte."

---

173) Kyk Thom: t.a.p., bl.147. Ook Van der Walt: <u>Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R.</u> (<u>Die Saaier</u>, 1ste jrg., no.5, bl.7). Op bl.156 van sy werk verklaar Thom: "Retief het sonder twyfel die leiding aangegee ...."

174) Vgl. Thom: a.w., bl.157.

175) Kyk hierbo, bl.41.

176) d.i. Retief. Kyk hierna bl.49.

177) Vertaling van die Instruksie by Preller: <u>Piet Retief</u>, bl.376. Die oorspronklike kopie van die Instruksie berus in die Natalse Argief onder <u>Volksraad Papers</u> II, no.193 (Thom: t.a.p., bl. 157, voetnoot 25).

Dit is interessant om hier op te merk dat Erasmus Smit in sy dagverhaal praat van

"de fungerende vise Goeverneur A.Greyling...."[178]

Retief was op hierdie stadium weg op sy eerste besoek aan Natal en op die vorige dag het Smit aangeteken dat hulle op die terugkoms van die Goewerneur gewag het. Greyling het blykbaar in sy plek waargeneem. Waarom Maritz dit nie gedoen het nie, en of Maritz op hierdie stadium ook weg was, is nie duidelik nie.

Retief het ook nog 'n ander belangrike pos beklee, naamlik die van Opperhoof, Opperbevelhebber, of hoof van die militêre organisasie van die Trekkers.[179] Met hierdie pos het Retief dus in die plek van Potgieter getree. Die vraag of Potgieter in hierdie bestuursreëling opsetlik oor die hoof gesien is, het heelwat spekulasie uitgelok, maar ons het reeds daarop gewys dat Potgieter se standpunt in verband met die toekomstige trekrigting verantwoordelik was vir die feit dat hy nie weer in aanmerking geneem is nie.[180]

Die feit dat die magte van die verskillende gesagsdraers nie behoorlik afgebaken was nie, kon maklik in die geval van Retief tot outokratiese optrede aanleiding gegee het. Vanweë sy invloed en aansien het Retief nie alleen leiding aan die wetgewende gesag verleen en groot invloed op die wetgewing uitgeoefen nie, maar in uitvoerende hoedanigheid was hy seker nie altyd in die geleentheid, vanweë trekomstandighede, om vir Maritz en/of die Raad van Politie voortdurend te raadpleeg nie. Mens kan dus redelik veilig aanneem dat hy in verband met die uitvoering van die beleid taamlik selfstandig sou optree.[181]

---

178) Dagboek van Erasmus Smit, 31 Aug.1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.126).

179) Kyk vir besonderhede: Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 (Historiese Studies, Des. 1944, bll.191-192); ibid., Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.6; Harris: a.w.,bl.147; Wichmann: a.w., bl.13. Hoewel Retief in hierdie hoedanigheid deur baie skrywers kommandant-generaal genoem word, het sy rang op hierdie oomblik nog nie die benaming gedra nie.

180) Kyk hierbo, bll.32-33. Kyk ook Thom: a.w., bll. 162-165; Potgieter en Theunissen: a.w.,bll.77-78.

181) Vgl. Thom: t.a.p., bl.156.

Die persoon wat die meeste met die optrede van goewerneur Retief ontevrede was, was Maritz. Op 7 Julie 1837, skaars een maand na die inswering van Retief, teken Erasmus Smit aan dat hulle 'n jongeling ontmoet het wat

> "bittere dingen ons aangaande gehoord had! dat de léraar over de Grote Rivier tot in de Kolonie moest worden teruggestuurd; dat de Goeverneur moet worden afgezet, of, dit nog te genadig zynde, maar moest worden opgehangen."[182]

Dit kan nie beweer word dat dit Maritz was wat sodanige woorde gebesig het nie, maar wat wel bekend is, is dat oor die aanstelling van Smit as predikant van die Voortrekkers deur Retief, daar ernstige wrywing tussen Retief en Maritz ontstaan het.[183] Maritz was in elk geval die eerste persoon wat vir Retief van outokratiese optrede beskuldig het, naamlik in sy openbare verklaring van 1 Februarie 1838,[184] waarin hy 'n vurige pleidooi lewer vir sy meer demokratiese opvattinge in verband met bestuursinrigting. Hy rig 'n waarskuwing aan die Trekkers teen die verregaande mag en heerskappy wat Retief homself aangematig het. Hy suggereer dat die Trekkers juis vanweë so 'n outokratiese mag genoodsaak was om die Kaapkolonie te verlaat en verklaar dat in die Trekkergemeenskap 'n gees van gelykheid en broederskap moes voortleef, terwyl nie toegelaat moes word dat die sterkste man oor die swakkere baasspeel nie. Verder verkondig hy dat die hoogste gesag en bestier in die volkstem moet berus.

Hierdie optrede van Maritz het egter voortgespruit uit die feit dat hy 'n ander, en miskien minder korrekte opvatting gehad het van die pligte en bevoegdhede van 'n staatshoof of uitvoerende gesag, as wat Retief gehad het. Dit kan toegegee word dat Retief soms aan Maritz nie die erkenning verleen het waarop hy geregtig was nie, maar oor die algemeen het die omstandighede tot 'n baie groot mate van Retief

---

182) Dagboek van Erasmus Smit (Preller: Voortrekkermense II, bl.115).

183) Kyk Thom: a.w., bll.184-190.

184) Kyk hierbo bl.46 en voetnoot 165. Ook Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860. (Historiese Studies, Des.1944, bl.213); A.J.H. van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge (Geskiedenis van S.A. II, bll.73-74); Thom: a.w., bl.202.

ŉ selfstandige optrede geverg. Selfstandige optrede het egter nie noodwendig outokratiese optrede beteken nie. Dat Retief die volk terdeë in aanmerking geneem het, word bewys deur die feit dat hy, hoe moeilik dit ook al op trek was om die volk bymekaar te kry, tog volksvergaderinge byeengeroep het, byvoorbeeld op 12 Desember 1837, om te beraadslaag

> "over zaken, die 't algemene welzyn des legers betreffen;"185)

op 18 Desember 1837 vir die bylegging van

> "enige geschillen onder twee voorname personen, die zeer hoog gerezen en aanmerkelik waren;" 186)

op 19 Desember 1837

> "om te raadplegen over het doen ener kommando naar Sikonyela;" 187)

op 16 Januarie 1838, waarop ŉ vervolgreis van die Goewerneur na Dingaan beplan is, bepaal is hoe ver die Trek mag vorder gedurende die Goewerneur se afwesigheid, en dat die Kommandant van die leger vir die goeie orde verantwoordelik sou wees.188)

Ten spyte van teenstand wat Retief ontvang het, veral van die kant van Maritz en ook van Piet Uys en 169 ander, van wie Retief op 24 Augustus ŉ skrywe ontvang het, waarin hulle verklaar dat hulle hulle nie aan enige wette sou onderwerp wat deur ŉ paar persone daargestel word, en wat bedoel was om hulle van ŉ toestand van ballingskap na een van slawerny te verneder,189) het Retief baie groot invloed onder die Trekkers gehad en het sy invloed onder die nuwe aankomelinge baie sterk toegeneem. Hoewel die Vetrivierse bestuursreëling nie in al die Trekkers se smaak geval het nie, was dit as voorlopige regeringsinrigting beslis doeltreffend, en met ŉ man soos Retief aan die hoof daarvan, is dit moeilik om te dink dat dieselfde bestuursinrigting nie in Natal, na die vestiging van die Trekkers plaasgevind het, sou bly voortbestaan en op ŉ stewiger

---

185) Dagboek van Erasmus Smit, 12 Des.1837 (Preller: Voortrekkermense II, bl.155).

186) Ibid.,18 Des.1837 (ibid.,bl.157).

187) Ibid.,19 Des.1837 (ibid); Preller: Piet Retief, bl.213.

188) Ibid.,16 Jan.1838 (Preller: Voortrekkermense II, bl.167).

189) Chase: a.w.I, bl.103.

basis ingerig sou word nie. Die onverwagte dood van Retief,

> "die enigste man wat op daardie tydstip in staat was om die onvoorwaardelike vertroue van die groot meerderheid van die Trekkers op hem te verenig,"

was egter die oorsaak waarom die Vetrivierse bestuursreëling in duie gestort het.[190] Met die dood van Retief eindig die eerste en enigste poging van die Trekkers om die uitvoerende gesag en wetgewende mag van mekaar te skei en om die uitvoerende gesag aan een persoon - 'n staatshoof - op te dra, 'n poging wat beslis met welslae bekroon was.

Eers met die vestiging van die twee Boererepublieke en met die aanvaarding van hulle onderskeie grondwette in 1854 en 1858, sou weer 'n persoon met uitvoerende gesag beklee word, maar in Transvaal sou dit nie sonder ernstige stryd plaasvind nie.

---

190) Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, 1ste jrg., no.4, bl.10).